

## **Galasiërs 3:1-9**

### **Die dwaasheid van die Galasiërs**

1 O, Onverstandige Galasiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig? 2 Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? 3 Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees? 4 Het julle verniet so baie gely? As dit maar verniet was! 5 Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? 6 Net soos Abraham in God geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken.

7 Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham. 8 En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word. 9 Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham.

### **Inleidend**

In Galasiërs 1 en 2 het Paulus die gesag van sy apostelskap en die gesag van die evangelie wat hy verkondig verdedig. Onomwonde het hy aangetoon dat sy apostelskap van God die Vader en Jesus Christus afkom. Die evangelie van die genade van God wat hy verkondig het hy nie by 'n mens geleer nie, maar is deur Jesus Christus self in 'n openbaring aan hom gegee.

Die evangelie van die genade van God behels dat 'n mens deur God regverdig verklaar word deur net in Jesus Christus alleen te glo. Die werke van die wet en in besonder die besnydenis is nie nodig om deur God regverdig verklaar te word nie. Daaroor het die ander apostels en ouderlinge in Jerusalem met Paulus en Barnabas saamgestem.

Die invloed wat die valse leraars het, is egter baie sterk. By geleentheid het hulle teenwoordigheid in Antiogië veroorsaak dat selfs Petrus in sy optrede hulle kant

gekies het deur hom af te skei van die Christene wat uit die heidendom gekom het. Selfs Barnabas is deur die geveinsdheid van Petrus meegesleur. Paulus het hierdie optrede van Petrus openlik teengestaan en duidelik die stelling gemaak dat 'n mens net deur die geloof in Jesus Christus alleen regverdig verklaar word. Dit is iets wat die Joodse Christene tog self ook beleef het.

Galasiërs 2 is afgesluit met die argument dat indien 'n mens kies om deur wetsonderhouding regverdiging by God te soek, jy inderwaarheid die genade van God verwerp en die dood van Christus aan die kruis as oorbodig ag. Wat Paulus self betref, hy bly by die genade van God en die waarheid van die evangelie. Hy kan immers nie anders nie, want dit is nie hy wat lewe nie, maar Christus wat in hom lewe.

Te midde van die erns van die valse leraars se boodskap wys die Heilige Gees daarop dat 'n mens voortdurend op jou hoede moet wees om nie self te probeer om jou regverdiging by God te wil verdien nie. Selfs die apostel Petrus en Barnabas het in hierdie opsig gestruikel. Deur van Petrus en Barnabas se struikeling te vertel, het Paulus die Galasiërs inderwaarheid bemoedig sonder om die erns en die gevaar van die valse leer te onder speel.

In die volgende twee hoofstukke word die Galasiërs onderrig oor die evangelie van vryheid. Hierdie onderrig word gegee deur die evangelie en die wet op verskillende manier in kontras met mekaar te stel.

## **Stomme verbasing oor die Galasiërs – vers 1**

### **1. O, Onverstandige Galasiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie**

Hierdie woorde van Paulus herinner aan die woorde in Galasiërs 1:6. Daar het Paulus sy stomme verbasing uitgespreek omdat die Galasiërs so gou van God wat hulle deur die genade van Christus geroep het, afvallig geword het. In hoofstuk 1 het Paulus daarop gewys dat hulle optrede gelykstaande is aan geestelike muitery of geestelike verraad.

Alhoewel die erns van die Galasiërs se optrede nie verminder het nie, is Paulus se aanspreek van hulle tog meer deernisvol hier as vroeër. As mense soos Petrus en Barnabas oorreed kon word om die valse leraars te vrede te wil stel, sou die Galasiërs baie makliker omver gegooi kon word. Maar Paulus se verbasing is nie nou minder as vroeër nie. Hy staan in stomme verbasing dat die Galasiërs so onverstandig kon wees. In die vermaning is daar bemoediging, aangesien Paulus van oordeel is dat die Galasiërs tog verstandig is.

Die woord wat ons vertaal met *onverstandig* is nie 'n uitspraak oor hulle morele of intellektuele gebrek nie. Jesus gebruik die woord wat 'n uitspraak oor mense se morele en intellektuele gebrek in Matteus 7:26 en Matteus 25:1-13. Dit is die Griekse woord wat ons kan vertaal met *moroon*. Die woord wat ons vertaal met *onverstandig* bedoel eerder dat 'n mens die kennis en ondervinding het, maar in daardie oomblik gebruik jy nie daardie kennis en ondervind wat jy het nie en doen 'n dom ding. In hierdie eerste vyf verse maak Paulus dit juis vir die Galasiërs duidelik dat hulle inderdaad die kennis en die ondervinding het, maar hulle het dit nie gebruik toe die valse leraars hulle so verwar het nie.

Om die begrip van die woord *onverstandig* nog helderder vir onself te kry is dit nodig om te gaan kyk na die konteks waar hierdie woord andersins ook gebruik word. Jesus gebruik die woord wanneer Hy saam met die mense loop wat op pad is na Emmaus (Luk 24:25). Paulus gebruik die woord op nog twee ander plekke. In 1 Timoteus 6:9 gebruik hy dit in verband met mense wat aardse rykdom najaag en in Titus 3:3 pas hy die woord op homself en ander Joodse Christene toe.

In hierdie woord *onverstandig* kom ons agter hoekom mense so maklik deur 'n valse leer op loop geneem word. Ware geloof is 'n saak van die hart en die verstand – hart en verstand wat die Here gegee het om te gebruik. Albei moet in pas bly met mekaar anders verongeluk alles.

Emosies moet egter nie die botoon voer nie. Dit is nie wat die Here ons leer nie. Emosies volg die verstand. Kyk na die volgende Skrifgedeeltes waar die Here juis dit bevestig: Romeine 12:1-2; Efesiërs 4:23 en Kolossense 3:10. Om iemand iets teen sy beterwete in te laat doen, moet jy hom nie op 'n intellektuele vlak benader nie,

maar op 'n emosionele vlak.

Die wyse waarop die valse leraars dit kon regkry om die Galasiërs van die waarheid van Christus en die verlossing weg te kon trek, was deur hulle te betower. In plaas daarvan dat die Galasiërs hulle gesonde verstand gebruik het, het hulle op grond van die emosionele aanspraak van die valse leraars gereageer. Hulle was gefassineer deur die praatjies van die valse leraars. Die nuwe praatjies van die valse leraars was vir hulle aangrypend en sonder om te dink het hulle agter hierdie nuwe praatjies aangegaan.

Die valse leraars se praatjies sou iets kon wees soos: Julle kan 'n beter, groter, meer werklike belewenis van julle verlossing hê wanneer julle nie net glo nie, maar ook besny word. Dwars deur die eeue is dit nog steeds dieselfde taktiek van die valse leraars. Daar word aan gelowiges iets beter, groter en meer werklik aangebied as wat hulle reeds ontvang het. Die taktiek bly dieselfde, want die een wat regtig agter die betowering sit, is die Satan. Paulus vra heel duidelik *wie het julle betower?* Hy gebruik die enkelvoud, want hy weet agter elke valse leer is die Satan teenwoordig omdat hy die kerk van die Here Jesus wil vernietig.

Wanneer daar 'n aanslag op die emosionele vlak op die gelowige gerig word, is niemand verseker dat hy veilig sal wees nie. Petrus en Barnabas het in daardie strik getrap. Die Galasiërs is daarmee gevang. David Guzik haal die volgende woorde van Luther aan:

Although I am a doctor of divinity, and have preached Christ and fought His battles for a long time, I know from personal experience how difficult it is to hold fast to the truth. I cannot always shake off Satan. I cannot always apprehend Christ as the Scriptures portray Him. Sometimes the devil distorts Christ to my vision. But thanks be to God, who keeps us in His Word, in faith, and in prayer.

Dit is daarom uiters noodsaaklik om nugter en wakker te bly. Bestudering van die Woord van die Here is nie maar 'n plig wat gedoen moet word om die Here tevrede te hou nie. Die Woord is aan ons gegee om ons toe te rus.

Maar voordat Paulus by die Woord uitkom waarin die Galasiërs ook hulle toerusting vind, wys hy hulle eers op hulle eie ondervinding. Hy wys hulle op die ondervinding wat hulle met en van Jesus Christus, die Heilige Gees en God die Vader het.

## **2. julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig**

Paulus het die evangelie van die genade van God so helder en duidelik aan die Galasiërs verkondig dat daar geen twyfel kon wees oor hoe 'n mens verlos word nie. Sy verkondiging was so helder dat hulle as't ware vir Jesus Christus self sou kon sien toe Hy gekruisig is.

Die woord wat ons vertaal met *afgeskilder* dui op die plakkate wat in 'n stad aangebring is waarop die burgers belangrike besluite van die regering kon lees. Wanneer plakkate aangebring is, het die burgers geweet daar is iets belangriks daarop geskryf en dit sal wys wees om dit te gaan lees.

Jesus Christus en sy offer aan die kruis is die heel belangrikste nuus vir die hele wêreld. En die Galasiërs is so deur God begenadig dat Christus ook voor die Galasiërs duidelik afgeteken was as die enigste offer vir mense se sondes deur middel van die verkondiging van Paulus. Hier moet egter nie die afleiding gemaak word dat Paulus vir die Galasiërs 'n prentjie van Jesus aan die kruis geteken het nie. Dit is nie afbeeldings van Jesus aan die kruis wat mense tot bekering bring nie. Charles Spurgeon het opgemerk dat daar honderde miskien duisende gesien het toe Jesus aan die kruis op Golgota gehang het. Die meeste van hulle het nie daar tot bekering gekom nie, maar was daarop uit om van Jesus 'n bespotting te maak. Petrus moes vyftig dae later op Pinksterdag preek, want deur die lewendige verkondiging van die evangelie het die Here baie van die toeskouers van die kruisiging tot bekering en geloof in Christus gebring.

Die verkondiging van Paulus was so volledig, lewendig en met pastorale deernis aan die Galasiërs gebring, dat hulle as't ware Jesus Christus self aan die kruis kon sien sterf vir hulle sondes. En toe hulle dit gehoor het, het hulle geglo. Die verlossing wat Christus gebring het, is 'n werk wat Hy alleen aan die kruis self afgehandel het. Die mens het niks nodig om daarby te doen nie. Die mens moet dit alleen in die geloof omhels. Wie egter iets daarby wil doen, beledig Christus en sê dat sy werk nie

volledig is nie.

## **Die argument op grond van hulle ondervinding – verse 2 tot 5**

### **1. Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof**

Paulus het vir die Galasiërs gewys op die ondervinding wat hulle met Jesus Christus gehad het toe die evangelie aan hulle verkondig is. Nou gaan hy voort om vir hulle te wys op die ondervinding wat hulle met die Heilige Gees gehad het.

Die stomme verbasing oor die onverstandigheid van die Galasiërs is nog hoorbaar in Paulus se woorde. Hy wil hê dat hulle net hierdie een vraag vir hom moet beantwoord: Hoe het hulle die Heilige Gees ontvang? Het julle die Heilige Gees ontvang deur die werke van die wet te doen of het julle die Gees ontvang deur die geloof in die evangelie wat julle gehoor het?

Paulus weet presies wat die antwoord is, want hy het gesien hoe hulle die Heilige Gees ontvang het onder die prediking van die evangelie. Wanneer Paulus die vraag vra, wil hy hê dat die Galasiërs self moet nadink oor hulle eie ondervind. Hulle moet nadink oor wat Paulus aan hulle verkondig het toe hulle tot geloof in die gekruisigde Jesus Christus gekom het.

Die Heilige Gees is immers die onmiskenbare bewys van God se genade wat daar is. Wanneer iemand tot geloof kom in Jesus Christus as sy Verlosser, ontvang daardie mens die Heilige Gees van God. Dit is onmoontlik om 'n Christen te wees en nie ook die Heilige Gees te hê nie. Dit is immers die Gees wat saam met ons gees getuig dat ons kinders van God is (Rom 8:16).

Die Heilige Gees beseël die gelowiges as die eiendom van God (Efes 1:13). God gee die Heilige Gees slegs aan hulle wat tot geloof kom in Jesus Christus. Die Heilige Gees is immers die waarborg dat die gelowiges die volle verlossing wat deur Christus verwerf is, sal ontvang (Efes 1:14). In ekonomiese taal – die Heilige Gees is die deposito van die volle belofte wat die Here deur Christus aan die gelowige maak. In huwelikstaal – die Heilige Gees is die verloofring wat aan die gelowige die

versekering gee dat hy ook deel van die bruid is wat aan die bruilofstafel van die Lam sal wees. Niemand kan egter bely dat Jesus die Here is, as die Heilige Gees nie in hom is nie (1 Kor 12:3).

'n Mens doen niks om die Heilige Gees te verkry nie. Daar is nie spesiale werke of rituele wat jy volg sodat jy die Heilige Gees kan ontvang nie. God gee self sy Heilige Gees uit genade aan hulle wat in Jesus Christus glo. Daarom is dit vir die Galasiërs onmoontlik om nou deur middel van die onderhouding van die wet die Gees te ontvang. Hulle het Hom reeds ontvang. Dit is onmoontlik om deur die werke van die wet nou voller te word met die Heilige Gees. Jesus sê dat ons die Vader alleen moet vra om die Heilige Gees en Hy sal Hom gee (Luk 11:13).

Die Galasiërs se eie ondervind wys daarop dat hulle inderdaad die Heilige Gees ontvang het deur die hoor van die evangelie en deur die geloof in die evangelie. Hulle sou immers nie in Christus kon glo as hulle nie die Heilige Gees ontvang het nie, want die Heilige Gees werk die geloof in die harte van die gelowiges deur middel van die prediking van die evangelie.

## **2. Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?**

In plaas daarvan om die Galasiërs weer onverstandig te noem, vra Paulus hierdie keer of hulle dan so onverstandig is. Hy het nou al op hulle ondervinding met Jesus Christus en hulle ondervinding met die Heilige Gees gewys. Tot dusver moes hulle nou begin het om hulle verstand te gebruik. En uit hulle herinnering sal hulle dan onthou dat hulle Jesus Christus – die prys vir hulle volledige verlossing – deur die evangelie leer ken het. Dit was ook deur die geloof in die evangelie dat hulle die werk van die Heilige Gees in hulleself beleef het. Met hierdie vraag wil Paulus hulle daartoe bring om vir hulleself af te vra of 'n mens dan regtig so dom kan wees nadat 'n mens self al hierdie dinge al ondervind het?

En om hulle te help om hierdie vraag vir hulleself te vra, gaan Paulus voort met 'n tweede vraag: Julle het nou met die Gees begin, wil julle nou by die Gees oorneem en self klaarmaak met die werke van die wet?

Met hierdie tweede vraag bevestig Paulus dat die Galasiërs werklik tot geloof gekom het in Jesus Christus deur middel van die prediking van die evangelie. Die Satan se het 'n slinkse plan. Indien hy nie kan keer dat 'n mens deur middel van die geloof gered word nie, sal hy probeer keer dat die gelowige seën, groei en volwassenheid deur middel van die geloof ontvang.

Deurdad die Galasiërs hulle deur die valse leraars laat oorhaal het om nou terug te val na die werke van die wet toe, het hulle by die punt gekom om vir die Heilige Gees te sê dat sy werk in hulle nou nie meer nodig is nie. Hulle is dankbaar vir dit wat Hy in hulle begin doen het, maar nou sal hulle self kan voortgaan met die werke van die wet. Dit is wat hulle eintlik ook met Christus en sy offer aan die kruis gedoen het. Dat Hy vir hulle aan die kruis gesterf het, is goed en hulle is dankbaar daarvoor, maar hulle sal nou verder self kan regkom met die werke van die wet.

Wanneer die evangelie en die wet op hierdie wyse teenoor mekaar gestel word, kom 'n mens agter waarop dit werklik aankom. In werklikheid is dit die mens wat teenoor God gaan staan en die mens wat God eintlik wil verdring. Die mens kan onmoontlik die werk van God se genade by Hom oorneem.

Dit wil egter nie sê dat 'n Christen nie goeie werke wat in ooreenstemming is met die wet moet doen nie. Dit gaan oor die gesindheid waarmee die werk gedoen word. Indien die werk gedoen word om God te beïndruk, is dit wetties soos wat die valse leraars dit oorgedra het. Indien die werk gedoen word omdat God jou deur Christus verlos het, is dit godsvrug. Dan word goeie werke gedoen om God te verheerlik en nie om sy guns te wen nie.

John Stott stel dit op hierdie eenvoudige manier: Die wet sê: Doen dit; die evangelie sê: Christus het dit alles gedoen. Die wet vereis werke van menslike prestasie; die evangelie vereis geloof in Christus se prestasie. Die wet stel vereistes en eis dat ons dit sal gehoorsaam; die evangelie bring beloftes en eis dat ons dit sal glo. Die evangelie en die wet staan dus lynreg teenoor mekaar. Dit is nie twee aspekte van dieselfde ding nie, ook nie twee interpretasies van dieselfde Christelikheid nie.

Die gevolgtrekking: Die mens kan nie by Christus en die Heilige Gees oorneem om



alleen voort te gaan in die geloofslewe nie.

### **3. Het julle verniet so baie gely? As dit maar verniet was!**

Paulus vra nog 'n vraag, sodat die Galasiërs moet nadink oor waar hulle was en waarheen hulle nou op pad is. Die woord wat ons vertaal met *gely* kan ook vertaal word met *ervaar* of *beleef*. Dus kan hierdie vraag op twee maniere verstaan word.

In die vier stede waar hierdie gemeentes van die Here tot stand gekom het, was daar ook Jode teenwoordig. Telkens het die Jode, nadat hulle die evangelie van Jesus Christus gehoor het, vir Paulus teengestaan. Dit het in Antiogië in Pisidië gebeur deurdat dié Jode wat Paulus teengestaan het sommige van die heidene ook teen Paulus opgesweep het (Hand 13:50). In Ikonium het die Jode en die ongelowige heidene daartoe oorgegaan om Paulus te wil aanrand en stenig (Hand 14:5). In Listra het die Jode van Antiogië en Ikonium af baie mense oorgehaal teen Paulus en hulle het hom toe gestenig en vir dood uit die stad uitgesleep (Hand 14:19).

Hierdie teenkating wat Paulus-hulle beleef het, sou verseker ook na die Christene wat in die stede agtergebly het, oorgespoel het. Dit was lyding wat hulle beleef het omdat hulle Jesus Christus as hulle enigste en volmaakste Verlosser geglo het. Daarom vra Paulus of al hierdie lyding wat hulle dan beleef het verniet was.

Uit die konteks van hierdie vyf verse kan die vraag ook verwys na die ervaring wat hulle gehad het met Jesus Christus, die Heilige Gees en God die Vader. Deur die prediking van Paulus het hulle vir Christus as't ware aan die kruis sien hang en tot geloof in Hom gekom. Hulle het ervaar hoe die Heilige Gees hulle uit die doodsheid van hulle sondige bestaan lewendig maak in die geloof. En dit het deur middel van die prediking van die evangelie gebeur. Hulle het ook die ervaring gehad van die kragtige werk van God die Vader. Daarom vra Paulus of hulle al hierdie ervarings wat hulleself beleef dan verniet was.

In plaas daarvan om vir een van die verstaansmoontlikhede te kies, is ek van oordeel dat 'n mens eerder albei moet gebruik, aangesien die historiese en literêre konteks sterk op albei die verstaansmoontlikhede wys.

Deur hulle verder te bemoedig, sê Paulus dat al hierdie lyding en ervaring tog nie verniet kon wees nie. Indien dit verniet was, beteken dit dat die Galasiërs nie werklik tot geloof gekom het nie. Maar Paulus is van die oortuiging dat hulle werklik Christene gemaak is. Daarom sal dit mos nou dom wees om al daardie lyding deur te gemaak het net om nou terug te val agter die valse leraars se praatjies aan. Deur al die lyding deur te maak het hulle eerder verloor as gewen.

Die totale omkeer wat in hulle lewens plaasgevind het deurdat hulle Christus as hulle Verlosser aangeneem het, die kragtige werk van God en die heerlike werk van die Heilige Gees het hulle alles ontvang deur die geloof in die evangelie. Dit was tog nie tevergeefs nie. Maar indien hulle nog die werke van die wet wil doen dan maak hulle asof hierdie werke van die Drie-enige God tevergeefs is.

Met hierdie woorde wil Paulus die Galasiërs laat verstaan dat hy van beter oortuig is oor die Galasiërs. Hy weet hulle het die kennis. Hy weet hulle kan nugter en wakker wees. Daarom wil hy met hierdie aanmoediging hulle aanspoor om dan ernstig te besin oor wat hulle ervaar het teenoor wat hulle nou wil doen as hulle die valse leraars wil volg.

#### **4. Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?**

Paulus wys ook op die ervaring wat die Galasiërs met God die Vader gehad het. God die Vader verleen die Gees aan hulle en Hy werk kragte onder hulle. Jesus het voor sy hemelvaart die apostels beveel om in Jerusalem te bly totdat die Vader die beloofde gawe gegee het (Hand 1:4). En hierdie gawe is die Heilige Gees (Luk 11:13).

Die Galasiërs het die ondervinding gehad dat die Vader aan hulle ook die Heilige Gees gegee het. Hoe het hulle dit geweet? Afgesien daarvan dat hulle in Christus begin glo het, het die Vader deur sy Gees ook kragte onder hulle gewerk. God het die evangelie bevestig met wonders en tekens wat die apostels gedoen. Dit is wonders en tekens wat die gelowiges kon sien. Maar hier sê Paulus dat die kragte in hulle gewerk is. Die Galasiërs het dus ondervind hoe God deur sy Gees kragte binne-in hulle werk. Hulle het geestelik lewendig geword. Hulle het hulle sondige

natuur begin oorwin.

Paulus volg die stelling op met dieselfde vraag wat hy in vers 2 al gevra het: het julle die dinge deur die werke van die wet ontvang of deur die hoor van die evangelie? Die antwoord is dieselfde: hulle het dit alles deur die hoor van die evangelie ontvang.

Uit die ondervinding wat die Galasiërs self gehad het, wys Paulus vir hulle hoe dom dit nou is om die evangelie te wil verruil vir die werke van die wet. Hulle het Christus en al sy werke deur die geloof in die evangelie ontvang. Hulle het die Heilige Gees in sy volheid deur die geloof in die evangelie ontvang. Hulle het God se werk binne-in hulle in sy volheid beleef. Wat kan die werke van die wet meer bied as wat God Drie-enig reeds vir hulle gegee het? Niks, absoluut niks nie!

## **Die argument vanuit die Skrif – verse 6 tot 9**

### **1. Net soos Abraham in God geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken.**

Paulus het die Galasiërs op hulle eie ondervinding met God Drie-enig gewys. Hulle het Christus en die volheid van die Heilige Gees nie deur die werke van die wet ontvang nie, maar deur die geloof alleen. Deur die geloof alleen het hulle kragtige werk van God die Vader ondervind. Nou gaan Paulus oor om ook vanuit die Skrif aan te toon dat 'n mens slegs deur die geloof in Jesus Christus gered word en nie deur die werke van die wet nie.

Die argument vanuit die Skrif val in twee dele uiteen. 'n Positiewe deel in verse 6 tot 9 en 'n negatiewe deel in verse 10 tot 14. Die valse leraars het ook graag vanuit die Skrif aangetoon dat 'n mens eers besny moet word en al die ander seremoniële wette moet onderhou voordat jy verlos kan word. Hulle het graag teruggeval op Moses vir die ondersteuning van hulle argumente. Wanneer 'n mens egter die openbaring van die Here in die tyd van Moses aandagtig deur lees, kom 'n mens agter dat die valse leraars inderdaad die Woord van God verdraai het om hulle argumente te ondersteun. Die Here het nooit bedoel dat die wet en die onderhouding daarvan as voorwaarde moet dien om gered te word nie. Net soos wat die valse leraars daarop aanspraak gemaak het dat hulle die mense in aansien – die apostels in Jerusalem – ken en dieselfde boodskap as hulle verkondig, doen hulle nou ook met die

openbaring in die tyd van Moses. In albei gevalle het hulle die openbaring van die Here verdraai.

In Galasiërs 2 het Paulus dit duidelik gemaak dat hy ook die mense in aansien ken en hy het die evangelie wat hy verkondig aan hulle voorgelê en afsonderlik met hulle bespreek. Die mense in aansien het niks aan die evangelie soos wat Paulus dit verkondig bygevoeg nie. Nou gaan Paulus aangaande die argumente vanuit die Skrif dieselfde doen. Paulus gaan 'n klompie eeue verder terug in die geskiedenis na Abraham toe en haal aan uit Genesis 15:6.

In die vorige vyf verse het Paulus die Galasiërs gewys op hulle ondervinding met die Drie-enige God. Nou wys hy op Abraham se ondervind met God. En raai wat? Dit is presies dieselfde ondervind. Want waar bevind Abraham homself in hierdie stadium van die God se openbaring? Abraham is 'n ou man van om en by 86 jaar. Hy is kinderloos, want sy vrou Sara is onvrugbaar. Maar ondanks al hierdie oënskynlike en werklike hindernisse belowe die Here aan hom 'n nageslag. En nie net sommer een seun nie. Die Here neem vir Abraham in die nag uit sy tent uit en wys vir hom die sterre aan die hemel. Abraham, sien jy al hierdie sterre? Tel hulle as jy kan, want so baie sal jou nageslag wees.

Met hierdie belofte het die Here vir Abraham uitgelig uit sy beklemmende omstandighede en vir gesê wat Hy met hom sal doen. En Abraham het die Here geglo. Abraham het sy vertrouwe in God gestel dat God die belofte wat Hy oor die nageslag gemaak het, sal waar maak. En omdat Abraham die Here geglo het, is dit hom tot geregtigheid gereken. God het 'n regsuitspraak oor Abraham gemaak. Abraham is regverdig gereken, sy saak met God is reg. En dit het nie gebeur omdat hy besny is of die wet onderhou het nie, maar omdat hy God geglo het. Die besnydenis het immers eers veertien jaar late gekom en die wet vier honderd jaar later.

John Stott maak drie waardevolle opmerkings in verband met hierdie vers. Eerstens, God het 'n belofte aan Abraham gemaak. Hierdie belofte van die nageslag was as't ware voor Abraham se oë afgeteken aan die hemelruim. Paulus het die Galasiërs daarop gewys dat die belofte van vergifnis deur die gekruisigde Christus ook voor

hulle oë afgeteken was in die evangelie.

Tweedens, Abraham het God geglo. Ondanks al die hindernisse en vanuit 'n menslike oogpunt die onmoontlikheid dat die belofte waar kan word, het Abraham sy vertrouwe ten volle in God gestel dat daar inderdaad so 'n groot nageslag sal wees. En derdens, Abraham se geloof is hom tot geregtigheid gereken. Abraham is selfs op grond van sy geloof regverdig verklaar.

Die ondervinding wat Abraham met God gehad het, is dieselfde ondervinding wat die Galasiërs met God gehad het. Omdat hulle God geglo het dat hulle op grond van Christus se offer aan die kruis verlos is van hulle sonde, is hulle deur God regverdig verklaar. En dit het gebeur, net soos by Abraham, sonder die besnydenis en sonder die onderhouding van die wet.

## **2. Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham**

Paulus keer terug na dit waarvan hy oortuig is aangaande die Galasiërs – dat hulle verstandig is. Sommige verklaarders meen dat die eerste werkwoord in die imperatief is. Indien 'n mens dit so verstaan, sal die vertaling so klink: *Daarom moet julle weet dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.* So verstaan is hierdie 'n aansporing van Paulus aan die Galasiërs.

In sy verkondiging van die evangelie aan hulle sou hy sekerlik van Abraham ook gepraat het. In vers 6 het hy hulle dan uit die Skrif herinner hoe dit gekom het dat Abraham regverdig verklaar is deur God. Abraham het God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken. Daarom spoor hy hulle nou aan deur vir hulle te sê: *Daarom moet julle mos weet ...*

Indien 'n mens die eerste werkwoord in die indikatief verstaan, maak Paulus net 'n stelling: *Daarom weet julle mos dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.* So verstaan sal hierdie maar net 'n herinnering wees aan wat die Galasiërs reeds gehoor het.

Dit is beter om die werkwoord in die imperatief te verklaar, aangesien Paulus hierdie

brief met baie emosie geskryf het. Dit is vir hom 'n saak van dringendheid dat die Galasiërs die dwaalleer sal laat staan en verkleef raak aan die waarheid.

Die mense wat dan die evangelie van God se genade gehoor het en glo dat hulle op grond van Christus se offer aan die kruis regverdig verklaar is van hulle sonde, hulle is kinders van Abraham. Abraham is immers ook regverdig verklaar net omdat hy God geglo het. Hy het nie die werke van die wet gedoen om regverdig verklaar te word nie. Hy het hom nie besny sodat God hom regverdig kan verklaar nie. Hy het net geglo.

Dit gaan dus nie daaroor of 'n mens geneties van Abraham afstam nie, maar wel of 'n mens geestelik van Abraham afstam. Die band tussen die Christene en Abraham is nie geneties nie, maar wel geestelik, want geloof in God is die skakel. Vir die valse leraars sou hierdie woorde skokkend wees, want die Jode het nog altyd daarop geroem dat hulle van Abraham afstam daarom is hulle saak reg met God.

David Guzik maak die volgende opmerking:

At that time, some Jewish Rabbis taught that Abraham stood at the gates of Hell, just to make sure that none of his descendants accidentally slipped by.

Johannes die Doper het daarop gewys dat dit nie oor die genetiese afstamming gaan nie (Matt 3:9). Jesus het ook daarop gewys (Joh 8:39-41), so ook Paulus (Rom 9:6). Hierdie fout word vandag steeds deur mense gemaak. Omdat hulle Christen ouers het, meen hulle dat hulle saak met God outomaties reg is. God is egter nie 'n Oupa nie, maar 'n Vader omdat elkeen sy eie geloof in God moet hê.

Hierdie aansporing van Paulus sou aan die Galasiërs troos geskenk het. Hulle is nie tweede klas Christene omdat hulle nie besny is nie. Deur die geloof is hulle regverdig verklaar en daarom volwaardige kinders van God en die geestelike nageslag van Abraham.

**3. En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word. Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham.**

Na die aanhaling uit Genesis 15:6 gaan Paulus nog verder terug in die geskiedenis om daarop te wys dat die regverdiging deur die geloof wat Abraham ontvang het inderdaad ook op die heidene betrekking het. Paulus gaan terug tot by die roeping van Abraham en haal aan uit Genesis 12:3.

Let op hoe Paulus van die Skrif praat. Die Skrif is lewendig – dit sien vooruit en dit verkondig – want dit is die lewende Woord van die lewende God. Wat die Skrif ook al spreek, is die woorde van God self.

Reeds by die roeping van Abraham het die Here nie net die genetiese nageslag van Abraham in die oog gehad nie, maar al die volke van die hele wêreld. Die belofte wat die Here aan Abraham gemaak het, naamlik dat in hom al die volke geseën sal word, het dan betrekking op die regverdig verklaring van die heidene omdat hulle in Jesus Christus glo as hulle enigste Verlosser.

Die seën wat al die volke ontvang, is die grootste seën denkbaar. Dit is groter as al die aardse rykdom. Dit is die seën om in die regte verhouding met God te mag wees deurdat Hy hulle regverdig verklaar so asof hulle geen sonde gehad of gedoen het nie.

Met hierdie verwysing na die belofte wat die Here aan Abraham gemaak het toe Hy hom geroep het, het alle krag uit die valse leraars se argumente gehaal. Dit is nie so dat heidene eers deur die besnydenis kinders van Abraham moet word voordat hulle deur Jesus Christus regverdiging kan ontvang nie. Die heidene wat Jesus Christus glo, is deur die geloof reeds kinders van Abraham. Hulle het deel aan dieselfde seën wat Abraham ontvang, naamlik om deur God regverdig verklaar te word op grond van hulle geloof alleen.

Vanuit hulle eie ondervinding met die Drie-enige God en vanuit die lewende Woord van God het Paulus vir die Galasiërs aangetoon hoe onverstandig hulle was om die

valse leraars se storietjies te glo. Hulle het deur middel van die prediking van Paulus Jesus Christus as't ware aan die kruis gesien. Hulle het self ondervind hoe die Heilige Gees die geloof in hulle harte werk deur middel van die evangelie. Hulle het die kragtige werk van God die Vader ondervind. Hulle het uit die Skrif self gehoor dat regverdiging deur die geloof alleen kom. Al hierdie kennis moes hulle net gebruik het dan sou hulle kon agter kom dat die valse leraars die evangelie van God se genade ondermyn.



## **Galasiërs 3:10-14**

### **Verlossing óf deur middel van die werke óf deur middel van die geloof**

10 Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. 11 En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe.

12 Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.

13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang – 14 sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.

#### **Inleidend**

In die voorafgaande gedeelte het Paulus sy stomme verbasing oor die dwaasheid van die Galasiërs uitgespreek. Maar hy het nie daar opgehou nie. In die vermaning het hy hulle ook getroos. Die vertroosting het begin toe Paulus gewys het op Petrus en Barnabas se struikeling voor die aanslag van die valse leraars.

Maar egte vertroosting kon nie daar ophou nie. Egte vertroosting is nie om te sê: Ag toe maar, jy is nie die enigste een wat al so 'n fout begaan het nie. Egte vertroosting loop daarop uit om die een wat vertroos word te begelei om weer op die regte pad – in die voetspore van Jesus – te volg.

Daarom het Paulus in die eerste nege verse gewys op die kennis wat die Galasiërs al gehad het toe die valse leraars by hulle aangekom het. Hulle het 'n eie ondervinding gehad met die Drie-enige God. Hulle het gehoor wat die Here lank gelede reeds in sy Woord aan Abraham belowe het. Hulle moes maar net hierdie kennis in praktyk aangewend het dan sou hulle nie so maklik deur die valse leraars oorrompel wees nie.

In die volgende vyf verse wys Paulus weer 'n keer dat daar net een van twee moontlikhede is. Die een moontlikheid tot verlossing is die weg wat valse leraars aandui, naamlik deur onderhouding van die wet. Die ander moontlikheid is die een wat Christus self kom oopmaak het, naamlik deur in Hom te glo as die enigste en volmaakste Verlosser. Dit is twee maniere of twee paaie en hulle kom beslis nie by dieselfde bestemming uit nie.

Wat in hierdie vyf verse geskryf staan, is van fundamentele belang om die Christelike godsdiens te verstaan. Dit gaan inderwaarheid oor twee sake. Die eerste is hoe 'n mens voor God geregverdig word. En die tweede saak is die resultaat vir iemand wat deur God geregverdig is – hierdie resultaat is die lewe tot in ewigheid saam met God. Die eerste saak handel dus oor hoe 'n mens in die guns van God kom, en die tweede saak handel oor die gemeenskap met God.

## **Die werke van die wet as 'n manier tot regverdiging – vers 10**

### **3. Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek**

In verse 7 tot 9 het Paulus met die argument vanuit die Skrif getoon dat die evangelie die mens oproep tot geloof. En die mense wat glo wat God in die evangelie belowe, is kinders van Abraham. Mense wat God glo, word saam met Abraham geseën.

Paulus gaan nou verder om vanuit die Skrif aan te toon dat die weg wat die valse leraars aandui uiteindelik op die dood uitloop en nie op die lewe nie. Hy begin deur op die moontlikheid van die werke van die wet te wys as 'n manier om geregverdig te word.

Almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek. Die Jode – en veral die Fariseërs – was van mening dat net die mense wat nie die wet ken nie, is vervloek of onder die vloek (Joh 7:49). Omdat mense nie die wet ken nie, kan hulle dit ook nie gehoorsaam doen nie. En wie die wet nie gehoorsaam kan doen nie, kan God ook nie tevrede stel nie. Wie God nie tevrede kan stel nie, is dan in onguns by God. Hy is vervloek – hy word deur God verwerp.

Volgens hierdie argument van die Fariseërs en dus ook van die valse leraars het dit dus beteken dat hulle wat die wet ken en dit uiterlik navolg nie onder die vloek is nie. Kennis van die wet was dus vir die Jode die sleutel tot die guns van God om uiteindelik geregverdig te word.

Dit gaan egter nie oor blote kennis van die wet nie. Dit gaan oor die werke van die wet. Almal wat die werke van die wet as vertrekpunt neem om by God regverdiging te vind, is onder die vloek. Dit beteken dat die Fariseërs wat daarop aanspraak dat hulle die wet nougeset gehoorsaam sowel as die valse leraars wat die Galasiërs aanmoedig tot 'n lewe vanuit die wet ook onder die vloek is.

#### **4. want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.**

Die bewys dat dit nie net die onkundige heidene is nie maar ook die kundige Jode wat onder die vloek van God is, kom uit die mond van die Here self. Paulus haal Deuteronomium 27:26 aan.

Dit gaan nie net oor kennis van die wet nie. Dit gaan ook nie net daaroor dat 'n mens probeer en selfs hard probeer om die wet te onderhou nie. Dit gaan ook nie daaroor dat 'n mens sekere van die gebooie nougeset doen en ander probeer doen nie. Dit gaan daaroor dat 'n mens in alles bly wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen.

As 'n mens uit die werke van die wet regverdiging by God wil verkry, is dit noodsaaklik dat 'n mens die wet honderd persent in elkeen van die gebooie moet gehoorsaam. Daar is geen ruimte vir die kleinste mislukking of nalatigheid nie. Wie nie perfek die wet gehoorsaam nie, is vervloek deur God.

Dus is die Jode sowel as die heidene onder die vloek, want niemand is in staat om die wet honderd persent te gehoorsaam nie. In Romeine 3 toon Paulus met vele aanhalings uit die Skrif aan dat daar geen onderskeid tussen Jode en heidene is nie. Almal staan onder die vloek van God, want niemand kan die wet gehoorsaam soos wat die Here dit verwag nie.

## **Bewyse uit die Skrif dat die werke van die wet nie 'n manier tot regverdiging is nie – verse 11 en 12**

### **1. En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe.**

Paulus het reeds die Here se openbaring aangaande en aan Abraham aangehaal (vgl. Gal 3:7-9) dat 'n mens voor God regverdig gereken word deur die geloof alleen. Maar die openbaring in Abraham se tyd is nie die enigste bewys dat 'n mens net deur die geloof voor God geregverdig word nie. Paulus haal die woorde van die profeet Habakuk aan wat die Here in die dae kort voor die ballingskap geopenbaar het. **Want die regverdige sal uit die geloof lewe** (Habakuk 2:4) Hierdie openbaring is vir Paulus die bewys dat niemand deur die doen van die wet by God geregverdig word nie.

Habakuk, 'n gelowige dienskneg van die Here, kla oor al die onreg wat in die land plaasvind (Hab 1:2-4). Hy vra vir die Here hoe lank gaan die Here nog toelaat dat hy hierdie onreg sien. Habakuk noem al die onreg wat gepleeg word in die land. En sy gevolgtrekking oor al hierdie geweld is dat die wet nie meer krag het nie. Dit sal dus nie help om die wet toe te pas om die dinge weer beter te maak in die land nie.

Die Here se antwoord is so anders as wat Habakuk verwag het. Die Here gaan die Galdeërs nog in Habakuk se leeftyd stuur (Hab 1:5-11). Die Here stuur die Galdeërs om verwoesting te saai. Die onreg wat Habakuk tot dusver gesien het, is nog niks nie. Hy sal sien wat onreg is wanneer die Galdeërs opgedaag het.

Oor hierdie antwoord van die Here hef Habakuk 'n tweede klagte tot die Here (Hab 1:12-17). Hoe kan die Here sulke wrede mense soos die Galdeërs stuur? Hoe kan die Here die een onreg met 'n volgende onreg laat opvolg en niks daaraan doen nie?

Die Here se uiteindelijke antwoord waarop Habakuk gewag het, moes hy neerskryf op 'n bordjie sodat almal dit kon sien (Hab 2:1-4). En die antwoord: **Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe** (Habakuk 2:4b). Die antwoord gee toe aan Habakuk se tweede klagte – daar is nog regverdiges in die land. Habakuk is immers een van hulle. En nou sê die Here hoe sal hierdie regverdiges te midde van die

groter onreg wat gepleeg gaan word nog kan bly lewe – net deur die geloof.

Die mens wat dus by God geregverdig word – wat deur God aanvaar is – is geregverdig omdat hy deur die geloof lewe. Hy moet volle vertroue hê in dit wat die Here aan hom sê. Waarop die regverdige sy vertroue moet stel, maak Paulus in verse 13 en 14 bekend.

David Guzik wys daarop dat elkeen van die kernwoorde in Habakuk 2:4 so belangrik is dat die Here hierdie vers drie maal in die Nuwe Testament aanhaal. In Romeine 1:17 word die vers aangehaal met die klem op die geloof. In Hebreërs 10:38 word hierdie vers aangehaal met die klem op lewe. En hier in Galasiërs 3:11 word die vers aangehaal met die klem op regverdige.

## **2. Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.**

Wanneer mense egter die wet as manier kies om regverdiging by God te vind, speel geloof geen rol nie. Die wet het niks met geloof te doen nie. Hier gaan dit net oor die daad. Daarom haal Paulus Levitikus 18:5 aan: **Hou dan my insettinge en my verordeninge wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe. Ek is die HERE** (Levitikus 18:5 AFR53).

Net die voorneme om die wet te doen, sal nie genoegsaam wees. Net om die wet te probeer doen, sal ook nie genoegsaam wees nie. Selfs nie eers die wil om die wet te doen, sal genoegsaam wees nie. As jy deur middel van die wet regverdiging by God wil kry, moet jy die hele wet voluit doen. Daar is nie 'n kortpad nie. Daar is ook nie 'n manier om die wet en die geloof as die twee maniere te probeer meng nie. Dit is die een manier – die wet – of die ander manier – die geloof. Die twee sluit mekaar uit.

Vir die Galasiërs het dit dus beteken: as jy jou laat besny met die gedagte dat dit jou verlossing by die Here gaan verseker, is jy verplig om die hele wet wat met die besnydenis saamgaan te doen. En jy moet stiptelik alles doen wat in die wet gesê word, ander kom jy onder die vloek. En uit die voorafgaande het Paulus reeds aangetoon dat dit vir die mens onmoontlik is om die hele wet voluit te gehoorsaam

(Gal 2:16; Gal 3:10). Die slegte nuus vir alle mense is dus een en dieselfde – alle mense verkeer onder die vloek omdat niemand in staat is om die hele wet voluit te gehoorsaam nie.

## **Geloof die manier tot regverdiging – verse 13 en 14**

### **1. Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word**

Aangesien geen mens die hele wet voluit kan doen nie, is alle mense onder die vloek wat die wet meebring. In die wet eis God honderd persent gehoorsaamheid. Wie nie aan hierdie eis voldoen nie, is deur God vervloek, want as jy God nie gehoorsaam nie, minag en verwerp jy Hom. Wie God verwerp, word deur God verwerp.

Maar nou het Christus ons losgekoop van die vloek van die wet. Die woord *ons* verwys hier na die Joodse Christene sowel as na die Christene wat vroeër heidene was.

Die woord wat ons vertaal met *losgekoop* (*eksagorazo*) is nie bloot om iemand te red nie, maar om die volle prys te betaal om iemand los te kry. Hierdie begrip van loskoop kom uit die antieke oorlogvoering. Die oorwinnaars van die oorlog het die mense wat hulle oorwin het as krygsgevangenes weggevoer. Die armes van hierdie oorwonne volk is gewoonlik as slawe op die mark verkoop. Die vername mense – hulle wat betekenisvol is vir die volk wat oorwin is – is deur die oorwinnaars gehou vir 'n losprys. Indien die mense van die land wat oorwin is die losprys kan betaal aan die oorwinnaars, word hierdie mense losgelaat. Hulle is dan losgekoop.

Iemand wat losgekoop word, het vrygekom van die mag van die een om onder die gesag te staan van die een wat die losprys betaal het. Christene was eers onder die vloek van die wet. Die vloek van die wet is 'n mag wat oor mense geld en wat die mense uiteindelik in die dood bring. Christus het egter die uitverkorenes van hierdie mag losgekoop om hulle onder sy en sy Vader se gesag te bring.

Christus het ons losgekoop deur vir ons 'n vloek te word. Christus het in ons plek 'n

vloek geword. Hierdie prys wat Christus betaal het om ons los te koop van die vloek van die wet veroorsaak dat 'n mens doodstil gaan staan om te besef wat gebeur het. Christus het nie maar 'n prys betaal nie. Hy het ook nie maar net 'n baie hoë prys betaal nie. Christus self was die prys wat Hy betaal het. Hyself is die losprys vir ons. Hy het 'n vloek geword vir ons.

Dat mense Christus gespot en gevloek het toe Hy aan die kruis gehang het, was erg, baie erg. Maar dit vergelyk glad nie met die vervloeking wat die Vader op Hom laat afkom het nie. Die toorn van God oor die sondes van die hele menslike geslag het op Christus afgekom omdat Hy 'n vloek geword het vir ons. Belas met die skuld van al die sondes van al die mense het Christus aan die kruis gehang. Belas met die godslastering van Paulus, belas met die verloëning van Petrus, belas met die moord en owerspel van Dawid, belas met my en jou sondes, het Christus aan die kruis gehang. En in die oë van die Vader was Hy die vervloekte by uitnemendheid, daarom het die toorn van die Vader oor al die sondes van al die mense Christus aan die kruis getref.

Christus het gewillig in ons plek 'n vloek geword en sy vervloek wees het hoorbaar geword in die vierde kruiswoorde wat Hy geuiter: **My God, my God, waarom het U My verlaat?** (Matteus 27:46 AFR53).

## **2. want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang**

Paulus bevestig hierdie uitspraak dat Christus in ons plek 'n vloek geword het met die aanhaling van Deuteronomium 21:23: **want een wat opgehang is, is deur God vervloek** (Deuteronomium 21:23 AFR53).

In die Ou Testamentiese tyd is mense wat die doodstraf verdien het, nie opgehang om op die wyse te sterf nie. Die doodstraf is voltrek deur die veroordeelde met klippe dood te gooi. Die Here gee dan in Deuteronomium 21:22 en 23 die bepaling soos volg: **En as in iemand 'n sonde is wat die doodstraf verdien en hy gedood word en jy hom aan 'n paal ophang, dan mag sy lyk nie aan die paal oornag nie, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek. En jy mag jou land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie** (Deuteronomium 21:22-23 AFR53).

Nadat die doodstraf voltrek is, is die lyk van die veroordeelde aan die paal of boom opgehang om vir almal te toon dat hy deur God vervloek is. Die feit dat die Romeine Christus aan die houtkruis vasgespyker het, was vir die Jode die bevestiging dat Jesus deur God vervloek is, want Hy is aan 'n paal opgehang.

Om iemand wat veroordeel is aan 'n paal op te hang was dus 'n teken van die vervloeking deur God wat vir die Jode goed bekend was. Afgesien van die teregstelling was die op hang aan 'n paal 'n vorm van vernedering en tot skande maak van die veroordeelde en sy familie. Om nie begrawe te word nie, was 'n teken van verwerping deur God. Daarom het die kruisdood van Christus 'n struikelblok vir die Jode gebly totdat hulle kon insien dat Christus nie vervloek is oor iets wat Hy gedoen het nie, maar dat Hy 'n vloek geword het vir hulle.

Dit is ook belangrik om die genade van God raak te sien te midde van die vervloeking. Die bepaling in Deuteronomium 21 is dat die lyk nie oornag aan die paal mag bly hang nie. Die een wat aan paal hang is inderdaad deur God vervloek, maar die land moet nie verder verontreinig word deur die uitstalling van die vervloekte nie. Hierdie verskriklike straf om vervloek te wees word getemper en Jesus het ook hierdie bepaling vervul. Hy is van die kruis afgehaal voor die nag begin het.

### **3. sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus**

Die gevolg van Christus wat 'n vloek vir ons geword het, is dat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus.

Die seën van Abraham het Paulus reeds in verse 6 tot 9 beskryf. Abraham het God geglo en op grond van die geloof is Abraham deur God geregverdig. Die heidene kry hierdie seën van Abraham, nie bloot omdat hulle heidene is nie, maar omdat hulle glo dat Christus Jesus in hulle plek 'n vervloekte geword het. Christus het die vloek ontvang wat ons verdien het en Hy nie, sodat ons die seën van Abraham kan ontvang wat Hy verdien het en ons nie.

Christus se dood aan die kruis beteken nie dat Hy vir elke liewe mense – kop vir kop – die vloek van die wet weggeneem het nie. Die belangrike woorde wat ons nie



moet miskyk nie is *in Christus Jesus*. God het ons verlossing in Christus Jesus bewerkstellig. Ons moet in Christus Jesus wees om aan hierdie verlossing deel te kry. Mense word nie verlos deur 'n veraf Christus wat honderde jare gelede aan 'n kruis gesterf het duisende kilometers ver nie. Ons word deur Christus verlos wat gesterf het en opgestaan het uit die dood en nou ons tydgenoot is. Daarom kan ons nou in Hom wees – persoonlik en intiem met Hom verenig vandag.

#### **4. en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.**

En 'n gevolg wat gelyktydig met die eerste gevolg saamgaan, is dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang. Vanuit Habakuk het Paulus daarop gewys dat die regverdige deur die geloof sal lewe. Hier sê Paulus dat ons die belofte van die Gees deur die geloof ontvang.

Geloof is nie 'n werk van die mens waarmee hy sy regverdiging by God verdien nie. Geloof is 'n geskenk van die Heilige Gees (Efes 2:8) waardeur 'n mens aan Jesus Christus persoonlik vashou. Dit is immers in Christus waar ons verlossing lê en ons kry aan Hom deel net deur middel van die geloof.

---

In hierdie verse het Paulus twee paaie met twee bestemmings aangedui. Die eerste pad is die pad van die wet. Diegene wat op hierdie pad wandel, is hulle wat staat maak op die werke van die wet (vers 10) en hulle is onder die vloek. Hulle uiteindelijke bestemming is die dood wat die gevolg is van vervloek wees deur God.

Die tweede pad is die pad van geloof. Diegene wat op hierdie pad wandel, is die mense van geloof (verse 7 en 9). Hulle erfenis is die seën van Abraham omdat Abraham hierdie seën ontvang het toe hy God geglo het en omdat God vir hom gesê het dat al die nasies van die aarde in hom geseën sal wees.

Hierdie seën van Abraham sluit in regverdiging deur God – dit is om in God se guns te wees, die ewige lewe – dit is om in gemeenskap met God te lewe, en die belofte van die Gees – dit is om deur Hom vernuwe te word en om deur Hom bewoon te word.

Die eerste groep mense maak staat op hulle eie werke van die wet, die tweede groep mense maak staat op die voltooide werk van Christus.

## **Galasiërs 3:15-22**

### **God se belofte en die wet**

15 Broeders, ek spreek menslikerwys: selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie. 16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.

17 Maar ek sê dít: die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, maak die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak nie. 18 Want as die erfenis uit die wet is, dan is dit nie meer uit die belofte nie. Maar God het dit aan Abraham deur 'n belofte genadiglik geskenk.

19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar. 20 En die middelaar is nie net vir een nie; maar God is een.

21 Is die wet dan teen die beloftes van God?

Nee, stellig nie! Want as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees. 22 Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word.

### **Inleidend**

Van hier af raak die argument van Paulus al moeiliker om dit sommer net met die eerste oog opslag behoorlik te verstaan. Om te keer dat 'n mens vasval, moet 'n mens die heelyd die hoof argument in gedagte hou. Dit gaan steeds oor die waarheid van die evangelie – die verlossing is 'n genade geskenk van God wat slegs ontvang kan word deur die geloof in die gekruisigde Jesus Christus. Verlossing het niks met die mens se eie prestasies te doen. Daarom kan 'n mens nie deur middel van gehoorsaamheid aan die wet verlossing by God verdien nie.

In Galasiërs het 3 het Paulus begin om hierdie regverdiging deur die geloof alleen stelselmatig duideliker te maak. Sy eerste argument was die ondervinding wat die

Galasiërs self met die Drie-enige God het. Hulle het die saligmakende geloof en die belewens van die verlossing al ondervind, nie deur die wet te doen nie, maar deur in Jesus Christus te glo (Gal 3:1-5).

Hierdie argument oor die Galasiërs se eie ondervinding word opgevolg met argumente vanuit die Skrif (Gal 3:6-4:7). Die een bewys na die ander word vanuit die Ou Testament aangehaal, want die valse leraars het hulle leer vanuit die Ou Testament bewys, naamlik dat 'n mens deur gehoorsaamheid aan die wet die guns van God verkry. Nou neem Paulus juis die Ou Testament wat hulle beweer hulle ken en bestudeer om aan te toon dat verlossing tog net deur geloof alleen kom.

Met die aanhaling van Genesis 15:6 in Galasiërs 3:6 begin Paulus dan aantoon dat regverdiging van Abraham se tyd af slegs deur die geloof geskied. Hierdie regverdiging deur die geloof alleen was nie net vir Abraham bedoel nie, maar vir almal wat soos hy God onvoorwaardelik glo. Die bewys daarvoor is opgeteken in Genesis 12:3. Die Here se bedoeling was van die begin af dat alle mense – Jode en nie-Jode, dit wil sê, al die nasies van die aarde – slegs deur die geloof geregverdig word.

In Galasiërs 3:10 wys Paulus vanuit die Ou Testament (Deut 27:26) daarop dat as jy deur middel van die onderhouding van die wet God se guns wil wen, beteken dit dat jy al die geboorte honderd persent sal moet gehoorsaam. Net een oortreding van een gebod gaan jou as 'n skuldige laat en self sal jy nie die skuld kan betaal nie.

Niemand kan egter deur die werke van die wet regverdiging by God kry nie, daarom leer die Here dat die regverdige deur die geloof sal lewe (Hab 2:4). Wanneer dit egter by die wet kom, speel geloof nie 'n rol nie maar wel die daad. Daar staan immers geskryf dat hy wat doen wat die wet sê, sal daardeur lewe (Lev 18:5).

Aangesien niemand egter die hele wet voluit kan gehoorsaam nie, val almal onder die vloek van die wet en uiteindelik beteken dit die ewige straf met die ewige dood. Maar Christus het gekom om mense van hierdie vloek te verlos deurdat Hyself 'n vloek vir hulle geword het. Weer word daar uit die Ou Testament aangehaal dat Christus inderdaad 'n vloek in die plek van mense geword het voor God (Deut 21:23).

Deur die geloof in Jesus Christus die gekruisigde kan selfs die heidene nou deel kry aan die seën wat die Here aan Abraham geskenk het, naamlik die regverdiging.

Paulus gaan nou voort om God se plan van verlossing deur die geloof alleen in te hamer met die bewyse vanuit die Ou Testament deur te wys op die belofte wat God aan Abraham gemaak het en die wet wat God deur middel van Moses. Paulus verdeel die argument in twee. In verse 15 tot 18 word daarop gewys dat die wet nie die belofte tot niet gemaak het nie. En in verse 19 tot 22 word daarop gewys dat die wet eerder God se belofte belig en die belofte eintlik onvervangbaar gemaak het.

## **Die wet maak nie die belofte tot niet nie – verse 15 tot 18**

### **1. Broeders, ek spreek menslikerwys: selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie.**

Dit is maar die tweede keer dat Paulus die ontvangers van sy brief as *broeders* aanspreek. Die eerste keer was in Galasiërs 1:11 toe hy aan hulle begin verduidelik het waar die evangelie wat hy verkondiging vandaan kom. Daar is 'n baie groot kontras tussen hoe Paulus die Galasiërs aan die begin van hierdie hoofstuk aangespreek het en hoe hy dit nou doen. Aan die begin het hy nog sy misnoeë te kenne gegee omdat die Galasiërs nie die kennis wat hulle gehad het, gebruik het nie. Nou kom hy op 'n baie sagter pastorale wyse om die voorrang van die geloof bo die wet aan hulle duidelik te maak.

Paulus sê nou iets wat volgens mense se gebruik is – menslikerwys. Wanneer 'n mens 'n testament opgestel het en daardie testament is met sy handtekening bevestig, is dit van krag. Niemand anders kan aan daardie testament verander nie. Niks kan aan daardie testament bygevoeg word nie en niemand kan daardie testament tot niet maak nie. Slegs die testateur kan iets aan die testament verander, maar die verandering sal eers van krag wees nadat hy die nuwe testament geteken het. Tot dan toe sal die vorige testament steeds van krag wees.

Die woord wat ons met *testament* (*diatheke*) vertaal kan ook met *verbond* vertaal word. Telkens word die woord *diatheke* in die Septuaginta (die Griekse vertaling van die Ou Testament) gebruik wanneer daar na die verbond van die Here verwys

word. Hieroor later meer (vgl. verse 16 en verder). Wanneer daar van 'n verbond tussen mense gepraat word, word daar gewoonlik 'n ander woord gebruik, naamlik *suntheke*. Die verskil tussen die twee woorde: *suntheke* dra die gedagte oor dat twee persone op gelyke voet met mekaar 'n ooreenkoms aangaan deur seker ondernemings teenoor mekaar te maak. *Diatheke* dra die gedagte dat die ooreenkoms slegs van een kant af gemaak word en die een wat die ooreenkoms maak, belowe om sekere dinge te doen terwyl die ander een in die ooreenkoms slegs die ontvanger is.

'n Testament is 'n eensydige verbond. Net die testateur maak sekere ondernemings. En hierdie testament is onveranderlik sodra dit met die handtekening van die testateur bekragtig is.

Vanuit hierdie alledaagse voorbeeld beweeg Paulus oor na die belofte wat die Here in sy verbond aan Abraham toegesê het. As die testament van 'n mens so onveranderlik is nadat dit bekragtig is, hoe onveranderlik sal die belofte wat die Here self maak dan nie wees nie. Die Here self het sy verbond met Abraham bekragtig toe Hy alleen tussen die stukke vleis deur beweeg het. Ons lees van hierdie verbondsluiting in Genesis 15.

## **2. Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.**

Die beloftes wat God aan Abraham in die verbond toegesê het is dus onveranderlik, want God het die verbond bekragtig en nou kan daar niks aan toegevoeg of verander word nie. Paulus se argument verderaan – beginnende hier in vers 16 tot 20 is moeilik om sommer net so te volg. Hier word biddende aandag vereis om te kan hoor wat die Heilige Gees ons leer. Laat ons daarom die gedeelte stelselmatig benader.

### **2.1 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê**

Die beloftes waarvan Paulus hier praat, is die beloftes wat God aan Abraham gemaak het van sy roeping af. Dit is die beloftes van 'n nageslag (Gen 12:2), van 'n land waarin die nageslag sal woon (Gen 12:7), en ook die belofte van seën (Gen

12:3). Hierdie beloftes het God aan Abraham onvoorwaardelik toegesê. Abraham moes nie eers iets doen, sodat God die beloftes aan hom kon maak en die beloftes waar sou maak nie. Die Here sê net dat Hy dit sal doen en klaar. Al wat Abraham moes doen, was om die Here te glo. Hierdie is nog die maklike deel om te begryp. Kom ons gaan verder.

## **2.2 en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.**

Die onveranderlikheid van die beloftes van God is vas en seker omdat dit met Christus verband hou. As God dan 'n belofte aan Abraham maak en die belofte kom eers in Christus tot vervulling, kan niks wat tussenin gebeur hierdie belofte tot niet maak nie. Selfs nie eers die wet wat tussen Abraham en Christus gekom het, kan die belofte ongedaan maak nie.

Dit is die woord *saad* wat die verstaan van hierdie vers bemoeilik en dit is juis op die woord *saad* wat Paulus sy argument begrond. Paulus lê klem daarop dat dit enkelvoud – saad – is. So staan dit immers in Genesis 22:18 geskryf: **En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word** (Genesis 22:18 AFR53). En op grond van die enkelvoud – saad – sê Paulus dat hier nie na die Jode gesamentlik (kollektief) verwys word nie, maar na Christus. Die Griekse woord *sperma* word dikwels in die Septuaginta kollektief gebruik wanneer die Here van die nageslag van Abraham praat. Sy nageslag sal so baie soos die stof van die aarde wees (Gen 13:16). Hoe is dit dan moontlik dat Paulus die woord in Genesis 22 net as enkelvoud verstaan en nie as 'n kollektiewe gebruik van die woord nie?

Hoewel die woord *saad* baie maal kollektief gebruik word, is daar ook heelwat voorbeelde waar dit gebruik word om net na een te verwys. In Genesis 4:25 verwys dit net na Set alleen. In Genesis 21:13 verwys saad net na Ismael alleen. In 1 Samuel 1:11 verwys die woord net na Samuel alleen. In 2 Samuel 7:12 verwys die woord net na Salomo alleen. Daarom is dit regverdig om te verstaan dat die woord *saad* in Genesis 22:18 ook net na een individu verwys.

Dink immers ook hieraan: Die Heilige Gees wat Genesis geskryf het met die hand van wie Hy ook al gebruik het, is ook hier in Galasiërs deur middel van Paulus aan

die skryf. Hier in Galasiërs sê die Heilige Gees inderwaarheid wat Hyself in Genesis 22 bedoel het met die woord *saad*.

Verder nog dit: **Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons** (2 Korintiërs 1:20 AFR53). Christus is dus die enigste Erfgenaam van al God se beloftes. Die beloftes wat God aan Abraham toegesê het, het Hy aan Christus ook toegesê. Die enigste manier waarop 'n mens dus aan die beloftes wat aan Abraham toegesê is deel kan kry, is wanneer 'n mens in Christus is. Geloof in Christus en in sy voltooide werk is dus die sleutel tot deel hê aan die beloftes aan Abraham.

En die bevestiging dat die woord *saad* in Genesis 22 inderdaad na Christus alleen verwys, word gevind in die heel eerste belofte wat die Here aangaande Christus maak - **En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt** (Genesis 3:15 AFR53).

Daarom, net hulle wat in Christus is, het deel aan die ryke beloftes van God. En die enigste manier om in Christus te wees, is deur middel van die geloof in Hom. Die wet wat tussen Abraham en Christus gekom het, kan hierdie beloftes nie ongedaan maak nie, want God self het hulle in Christus bekragtig.

**3. Maar ek sê dít: die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, maak die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak nie.**

Tot dusver het Paulus gesê dat die beloftes van God aan Abraham bekragtig, soos wat 'n testament bekragtig is, daarom kan die beloftes nie verander word of iets daaraan toegevoeg word nie. Verder, die belofte is immers nie net aan Abraham gemaak nie, maar ook aan sy saad en die saad is Christus. Die belofte wat destyds gemaak is, word dan uiteindelik in Christus vervul – dit is Christosentriese beloftes. Nou kom Paulus by die derde bewysstuk dat die regverdiging deur die geloof alleen eerder die weg is as wat regverdiging deur middel van wetsonderhouding is.



Met die woorde: **Maar ek sê dít**, sê Paulus dat hy nou gaan verduidelik wat hy tot dusver bedoel het. Paulus herinner die lesers daaraan dat die verbond vantevore deur God bekragtig is. Die belofte is gemaak en God het self bevestig dat Hy hierdie belofte tot vervulling sal bring. God het immers alleen die testament onderteken toe Hy tussen die stukke vleis deur beweeg het (Gen 15).

Nou vestig Paulus die aandag op die tyd van die wet se koms. Die wet het eers vier honderd en dertig jaar later gekom. Daar is reeds gesê dat 'n testament wat bekragtig nie deur iemand tot niet gemaak kan word of iets daaraan toevoeg nie. Dus kan die verbond met al die belofte daarin vervat nie later tot niet gemaak word of verander word nie – selfs nie eers deur die wet nie.

Vir die Joodse oor en veral vir die valse leraars sou hierdie woorde so na aan heiligsennis gekom het as wat dit kan. Hulle het immers hulle hele verhouding met God gebou op die wet en die onderhouding van die wet. Hulle het selfs Abraham en dit wat God met Abraham gedoen het, bekyk deur die bril van die wet.

Paulus sê: Let goed op, die wet het eers vier honderd en dertig jaar later gekom. Nou is daar mense wat graag foute in die Bybel soek en dit as argumente wil gebruik dat die Bybel nie waar is nie. Hierdie mense sal jou baie gou daarop wys dat die tydperk tussen Abraham en die gee van die wet nie vier honderd en dertig jaar is nie, maar wel ses honderd vyf en veertig jaar. Is daar dan nou 'n fout in die Bybel? Nee!

Kyk mooi, die tydperk van Abraham af totdat Jakob en sy familie na Egipte toe is, is twee honderd en vyftien jaar. En as 'n mens nou die som maak:  $645 - 215 = 430$ . Goed maar wat bedoel Paulus dan met die vier honderd en dertig jaar? God het die verbond inderdaad met Abraham gesluit en aan hom die belofte gemaak. Maar Abraham is nie die enigste een wat die belofte gehoor het nie. God het hierdie belofte ook aan Isak en aan Jakob herhaal. Paulus tel dus die tyd af sedert God die laaste keer die belofte aan Jakob gemaak het tot by die gee van die wet wat vier honderd en dertig jaar is. Die wet wat dus vier honderd en dertig jaar na die laaste herhaling van die belofte gekom het, kan nie die verbond wat bekragtig is, kragteloos maak en sodoende die belofte tot niet maak nie.

Sedert die dae van Adam is mense voor God geregverdig deur middel van die geloof alleen. Abel is so voor God geregverdig. Set, Enos en die hele gelowige nageslag tot by Noag is so voor God geregverdig. Abraham is so geregverdig. En God het die verbond met Abraham gesluit en bekragtig dat Hy altyd mense deur die geloof alleen sal regverdig. Die wet wat intussen gekom het, kan dus nie nou die beloftes tot niet maak deurdat dit die verbond kragteloos maak nie. God het immers self die verbond bekragtig om dit in Christus tot vervulling te bring.

#### **4. Want as die erfenis uit die wet is, dan is dit nie meer uit die belofte nie.**

In vers 18 kom Paulus terug om die regverdiging deur middel van wetsonderhouding en die regverdiging deur middel van die geloof direk teenoor mekaar te stel en met 'n vierde bewys vanuit die Skrif aan te toon watter een die regte manier is. Indien dit moontlik sou wees om die erfenis deur middel van onderhouding van die wet te verkry, beteken die belofte mos niks meer nie. Die wet en die belofte kan nie met mekaar gemeng word nie. En dit is juis wat die valse leraars vir die Galasiërs wou wysmaak – jy moet in Christus glo en jy moet die wet gehoorsaam om voor God geregverdig te word.

Regverdiging deur middel van wetsonderhouding en regverdiging deur middel van die geloof is soos olie en water – hulle kan nie meng nie. Daarom sê Paulus: As 'n mens dan die erfenis deur middel van die wet verkry, dan geld die belofte mos nie meer nie.

Uit hierdie woorde is daar twee sake waarop ons moet let. Die eerste het Paulus nou reeds in die drie verse vooraf genoem, naamlik dat die wet nie die beloftes tot niet kan maak nie om drie redes: 1) 'n testament wat bekragtig is, kan nie later verander word nie, 2) die beloftes is in Christus bekragtig, en 3) die wet het vier honderd en dertig jaar na die beloftes gekom.

Die tweede saak is in die woord *erfenis* opgesluit. 'n Mens kry erfenis nie deur dit te koop of daarvoor te werk nie. 'n Erfenis kom 'n mens toe alleenlik omdat die een wat dit belowe dit aan jou wil gee. Jy doen absoluut niks om 'n erfenis te kry nie. Indien 'n mens dan nou die verlossing deur middel van wetsonderhouding wil verkry, geld die belofte nie meer nie en kan dit ook nie meer 'n erfenis genoem word nie, maar 'n

verdiensie.

### **5. Maar God het dit aan Abraham deur 'n belofte genadiglik geskenk.**

Maar wat God reeds met Abraham gedoen het, kan nie geïgnoreer word nie. Dit staan immers vir ewig neergeskryf. God het die erfenis deur 'n belofte aan Abraham genadiglik geskenk. Paulus sê nie net dat God die erfenis deur 'n belofte aan Abraham gegee het nie. Hy sê dat God die erfenis genadiglik geskenk het. Dit gaan dus oor die woord wat ons vertaal met *genadiglik geskenk (kecharistai)*.

In die woord *kecharistai* herken ons 'n ander Griekse woord, naamlik *charis* wat ons normaalweg met *genade* vertaal. Om net weer terug te kom op dit wat al by herhaling gesê is: Genade is werk wat God alleen doen en Hy alleen handel dit af. Niemand sit 'n hand by sodat die werk afgehandel kan word nie. God het dus uit genade die erfenis aan Abraham belowe en nie omdat Abraham eers aan 'n sekere klomp voorwaardes voldoen het nie.

Verder moet 'n mens let op die tydsvorm van die werkwoord. *Kecharistai* is die perfektum van die werkwoord *charistomai*. Met die perfektum word aangedui dat dit 'n werk is wat in die verlede gedoen en afgehandel is, maar die effek van daardie werk duur tot in die verre toekoms. God het dus aan Abraham die erfenis deur 'n belofte genadiglik geskenk – Abraham het dit heeltemal gekry destyds al. En hy sal hierdie erfenis in besit hê tot in ewigheid. Die wet wat later gekom het, het niks aan die Abraham se besit van die erfenis verander nie.

Wie dus soos Abraham die Here glo, ontvang die erfenis wat destyds reeds aan Abraham belowe is net soos wat Abraham dit ontvang het. Die wet kan niks hieraan verander nie.

### **Die doel van die wet – verse 19 tot 22**

**1. Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar.**

Die logiese vraag wat na vore sou kom na aanleiding van dit wat Paulus tot dusver

gesê het, is: **Wat beteken die wet dan?** Soos wat Paulus dit in die voorafgaande verse gesê het, sou dit vir die valse leraars en ander Jode wat nog die wet wil gebruik as 'n manier om regverdiging by God te kry asof Paulus Abraham en Christus so styf teen mekaar vasdruk dat daar vir Moses en die wet nie meer plek is nie. Paulus antwoord hierdie vraag in verse 19 en 20.

Die wet is bygevoeg weens die oortredinge van die mens. In die wet maak God sy heilige standaard bekend. So wil Hy hê moet die mense lewe wat aan Hom behoort omdat Hy hulle verlos het. Deur die wet te gee as die heilige standaard van God wil God die oortredinge van die mens beperk. David Guzik merk op dat God sy wet gegee het sodat die mens homself nie vernietig voordat die Messias kom nie.

Maar ons moet ook fyn oplet hoe Paulus dit stel: **Dit is bygevoeg weens die oortredinge.** Die mens was al voor die gee van die wet 'n oortreder van God se heilige standaard. Die mens is 'n sondaar van Adam se tyd af – en dit is baie lank voordat die wet gegee is. Die mens het dus geweet dat hy 'n sondaar is, maar hy het nie geweet hoe groot sy skuld is nie. Dit is juis wat God deur middel van die wet aan die mens kom openbaar het. Deur te hoor wat God in werklikheid van die mens verwag en deur te sien hoe ver hy tekort skiet aan God se verwagting, besef die mens hoe groot sy skuld voor die Here in werklikheid is. En as gevolg van die enorme groot skuld voor God beteken dit dat die mens veroordeel staan (vgl. Rom 3:20; 5:20; 7:7, 13). Deur hierdie besef maak die Heilige Gees die verlange na 'n Verlosser in die mens wakker.

John Stott en John MacArthur haal 'n stelling aan wat Andrew Jukes gemaak het: *Satan would have us to prove ourselves holy by the law, which God gave to prove us sinners.* Dit is wettisisme wat die doel van die wet gaan staan en omdraai het. Die wet se doel was om die mens te laat besef hoe groot sy skuld by God is. Die wettisisme het die mense wys gemaak dat die wet gegee is sodat die mens homself deur middel van die wet aanvaarbaar kan maak voor God.

Paulus sê die wet is bygevoeg weens die oortredinge, **totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom.** Die saad aan wie die belofte gemaak is, is Christus (vgl. Gal 3:16). Die wet het dus 'n tydelike doel gehad. Die Here het nooit bedoel

dat die mens deur middel van die wet homself aanvaarbaar moet maak vir God nie. Die doel was om die mens te laat beseef hoe groot sy ellende en sonde werklik is. Die wet is bedoel om die mens by daardie punt te bring dat hy moet beseef hy het iemand nodig om hom te verlos. Die wet moet die mens na Christus toe dryf.

Die belofte is verlossing – die seën wat bedoel is vir die wêreld in die saad van Abraham. Die wet is gegee om die mens na die verlossing te dryf – die verlossing wat die saad van Abraham sal volbring. Wanneer die wet die mens laat beseef het hy is skuldig en hy het verlossing nodig en die Heilige Gees laat hom Christus leer ken as die Verlosser, dan het die wet aan sy doel voldoen.

Beteken die woord *totdat* dat die wet nou nie meer nodig is nie? Nee, Christus het nie gekom om die wet tot niet te maak nie, maar om dit te vervul. Die wet kan ook nie nou maar vergete bly omdat Christus gekom het nie, want die mens is nog nie volledig van sy sonde en sondige aard verlos nie. Solank as wat 'n mens in hierdie lewe is, is hy 'n sondaar en het hy die wet nodig om hom keer op keer na Christus te dryf, sodat hy volledig deur die Heilige Gees in Christus ingelyf kan word.

Dit is dan die eerste rede hoekom die wet ondergeskik aan die geloof Christus is. Die wet is nie bedoel om die mens te verlos nie, Christus het gekom om die mens te verlos. Die tweede rede hoekom die wet ondergeskik is aan die geloof in Christus, is omdat die wet middelaars nodig het.

**En dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar.** Toe die volk by die berg Sinai gekom het, moes hulle op 'n afstand van die berg af bly staan het. God het die wet toe aan die engele gegee en hulle het dit aan Moses gegee en Moses het dit aan die volk gegee (vgl. Deut 33:2; Ps 68:18; Hand 7:53; Heb 2:2). Daar was dus twee middelaars of tussengangers tussen God en die mense toe God die wet gegee het. Die een tussenganger was 'n hemelse wese – die volmaakte en gehoorsame engele van God. Die ander tussenganger was 'n sondaar mens – Moses.

Toe God die belofte aan Abraham gegee het, was daar nie 'n tussenganger of middelaar nie. God het direk met Abraham gepraat en die belofte aan hom gegee.

Die wet het dus derdehands by die mens uitgekom, maar die belofte was eerstehands.

## **2. En die middelaar is nie net vir een nie; maar God is een.**

Al die kommentare stem saam dat hierdie een van die moeilikste sinne in Galasiërs is en selfs in die hele Nuwe Testament om te verstaan. Paulus het hier so kripties geskryf dat ons wat eeue later lewe en nie Grieks as moedertaal het nie dit moeilik vind om te begryp wat hy hier oordra.

Daarom is dit goed om die groter konteks in gedagte te hou. Paulus teken die kontras tussen die regverdiging deur middel van die wet en die regverdiging deur middel van die belofte van geloof in Jesus. Tot dusver het Paulus daarop gewys dat die wet wat later bygevoeg is nie die belofte wat in Christus bekragtig is kan verander nie. Buitendien is die belofte aan Christus gemaak en vind sy vervulling dan ook in Christus.

In vers 19 het Paulus nog verder gewys op die doel van die wet. Die wet is bedoel om die mens te laat beseef hoe groot sy skuld is en hom na die Verlosser laat verlang. Daarby het die wet ook nog deur middelaars tot die volk gekom terwyl die belofte direk aan Abraham en Christus gemaak is.

Nou skryf Paulus: **En die middelaar is nie net vir een nie; maar God is een.** Die woord middelaar verwys logies terug na die middelaar waarvan in vers 19 gepraat is. Die wet het tot die mens gekom deur middel van 'n middelaar. In die gee van die wet sê die Here hoe Hy wil hê dat die mense moet lewe wat Hy reeds verlos het. Die mens het egter die bedoeling van die wet gaan verander deur te sê dat 'n mens die wet moet gehoorsaam om regverdiging by God te verkry. Hulle het die verstaan van die Here se uitspraak in Levitikus 18:5 omgeswaai en ook vergeet van die ander uitspraak dat die Here gesê het jy moet die wet stiptelik gehoorsaam (Deut 27:26).

Soos wat die mense die wet se bedoeling verander het, het die regverdiging nou voorwaardelik geword. God stel eise en die mens moet daaraan voldoen om die regverdiging te verkry. Wanneer so 'n ooreenkoms aangegaan word, is 'n middelaar dan nodig. Hier is twee partye betrokke. 'n Meer direkte vertaling van vers 20 se

eerste deel sal so kan lees: *En die middelaar is nie van een nie.* Daaronder verstaan ek soos wat John MacArthur en David Guzik dit verklaar – wanneer net een party betrokke is, is daar nie 'n middelaar nodig nie. 'n Middelaar is slegs nodig wanneer twee of meer partye betrokke en daar voorwaardes teenoor mekaar gestel word. En dit is wat die mense van die wet gemaak het. Hulle het die wet as lewenstyl van verlose mense gaan verander na 'n manier om verlos te word, want hulle het die woorde van die Here in Levitikus 18:5 en Deuteronomium 27:26 verkeerd verstaan. God skenk die verlossing uit genade en die vryheid wat 'n mens het deur middel van hierdie genadige verlossing bly vir jou 'n werklikheid solank as wat jy die lewenstyl het van die verlose. Wie nie die verlose se lewenstyl wil handhaaf nie, sê daarmee dat hy nie seker is of hy verlos is nie, hy vertrou nie die Here se belofte nie en bring sodoende die oordeel oor homself.

Wanneer Paulus dan sê **maar God is een**, verwys hy met hierdie deel terug na dit wat hy reeds aangaande die belofte gesê het. God alleen het die belofte gemaak. Abraham het dit net gehoor en ontvang. Hier is nie 'n middelaar nodig nie, want hier word geen voorwaardes tussen twee partye gestel nie. As gevolg van die sondige aard van die mens is die belofte van God – naamlik regverdiging deur middel van die geloof in Christus – by verre beter as om die regverdiging deur middel van wetsonderhouding te wil verkry. Die mens kan nie die wet honderd persent gehoorsaam nie. Net een oortreding van een wet is genoeg om die mens skuldig voor God te laat staan en oor so 'n mens moet die ewige verdoemenis uitgespreek word. Om deur middel van wetsonderhouding die regverdiging by God te wil verdien, bring geen vrede en rus nie. Regverdiging deur middel van die geloof in Christus bring vrede en rus, want Christus se werk is volledig en voltooi.

**3. Is die wet dan teen die beloftes van God? Nee, stellig nie! Want as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees.**

Aangesien die wet dan bygevoeg is weens die oortreding van die mens – dit wil sê, om vir die mens te wys hoe groot sy skuld werklik is – beteken dit dat die wet dan teen die beloftes van God is? Die antwoord op hierdie vraag is die sterkste negatief wat gegee kan word – nee, glad en geheel nie!

Die oorsprong van die beloftes is tog by God. Die oorsprong van die wet is ook by God. Indien die wet dan teen die beloftes sou wees, dan het dit beteken dat God met Homself in stryd was en dit kan is tog heeltewel onmoontlik. Die oënskynlike teenstrydigheid moet eerder by die mens self gesoek word.

Die wyse waarop die valse leraars die wet gebruik het, veroorsaak 'n teenstrydigheid tussen die wet en die beloftes. Hulle het immers van die standpunt af uitgegaan dat jy regverdiging by God kan kry deur middel van wetsonderhouding. Daarom sê Paulus: **as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees.**

Ons moet goed oplet. Paulus sê as daar 'n wet gegee was. Daarmee bedoel hy dat daar nie so 'n wet gegee was nie. Daar is nie 'n wet wat lewend kan maak nie. Die wet is immers gegee om aan die mens te toon hoe skuldig hy werklik voor God is. Maar hier praat Paulus hipoteties – sê nou maar daar is 'n wet gegee wat lewend kan maak, dan sou dit moontlik wees om deur middel van wetsonderhouding regverdiging by God te kry.

Die gevolgtrekking vanuit hierdie hipotetiese stelling is: dan was daar 'n teenstrydigheid, want dan sou 'n mens deur middel van wetsonderhouding regverdiging by God kon kry sowel as deur die beloftes dat geloof in Jesus Christus regverdiging voor God verseker. Die Here self is nie teenstrydig in sy uitsprake nie. Daarom kan ons seker wees dat die Here nie sy wet gegee het as 'n middel om regverdiging by Hom te kry nie. Die wet is gegee om die mens te wys hoe skuldig hy voor God staan, want daardeur wek die Heilige Gees die verlange na die Verlosser in die mens op.

Om hierdie rede is daar nie konflik tussen die wet die beloftes van God nie. Albei het hulle oorsprong by God en elkeen het sy eie funksie van God ontvang.

Terloops, daar is mense wat uit hierdie argument van Paulus 'n dwase opmerking maak alhoewel hulle wys is in hulle eie oë. So stel Luther dit in die aanhaling wat David Guzik maak:

“People foolish but wise in their own conceits jump to the conclusion: If the



Law does not justify, it is good for nothing. How about that? Because money does not justify, would you say that money is good for nothing? Because the eyes do not justify, would you have them taken out? Because the Law does not justify it does not follow that the Law is without value.”

#### **4. Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word.**

Aangesien die wet sowel as die beloftes hulle oorsprong by God het, kan die wet en die beloftes nie in stryd met mekaar wees nie. Maar watter harmonie is daar tussen die wet en die beloftes?

Die Skrif het alles onder die sonde ingesluit. Met Skrif word die hele Ou Testament bedoel. En dwarsdeur die Ou Testament kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat die wet nie die bevryding van mense bewerkstellig nie. Inteendeel, die wet laat die mens duidelik verstaan dat hy 'n skuldige voor God is. Elke keer wanneer die wet voorgelees word, word die vinger na die mens gewys om te sê hier en hier en hier is jy ook skuldig. Die sonde hou elke mens gevange en die wet wys maar net hoe styf die kettings om die mens gedraai is.

Sommige mense sal in hulle dwaasheid te kenne wil gee dat hulle nie gevange is deur die sonde nie. Daar is een maklik manier om vir so 'n mens te wys dat hy lieg. Hy moet maar net probeer om nie sonde te doen nie. Baie gou sal hy agterkom dat dit vir hom onmoontlik is om nie sonde te doen nie.

In Romeine 3 onder andere haal Paulus uit die Skrif aan dat alle mense skuldiges voor God is. Dit is wat die Here met die wet bedoel het. Die mens moet deur middel van die wet agterkom hou swak en ellendig hy werklik is. En deur hierdie besef heen wil die Here die mens laat uitroep tot verlossing.

Dit is aan die mens wat erken dat hy 'n sondaar is, wat uitroep tot verlossing en wat in Jesus Christus sy ware Verlosser erken en dit glo, dit is aan hierdie mens wat die Here die belofte van vergifnis en regverdiging gee. Die mens hoef niks self te doen nie behalwe om sy skuld te erken en van harte te glo dat Christus daardie skuld ten volle betaal het. So 'n mens sal die seën van verlossing ontvang op grond van die

voltooid werk van Christus.

## **Galasiërs 3:23-29**

### **Onder die wet om in Christus te kan wees**

23 Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word. 24 Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.

25 Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie. 26 Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; 27 want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed. 28 Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus. 29 En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

#### **Inleidend**

In Galasiërs 3:15-22 het Paulus daarop gewys dat die wet wat na die belofte gekom het, die belofte nie kan vernietig nie. Trouens, die belofte is deur God in Christus, die nageslag van Abraham, bekragtig. Aangesien die belofte bekragtig is, kan daar nie iets daaraan toegevoeg of verander word nie.

Dit beteken egter nie dat die wet geen doel gehad het nie. Die wet is bygevoeg weens die sonde van die mens. Deur middel van die wet het die mens homself nie net as sondaar leer ken nie, maar ook tot die besef gekom dat hy voor God as 'n skuldige staan.

Niemand moet die afleiding maak dat die wet en die belofte in stryd met mekaar is nie. Die belofte sowel as die wet het hulle oorsprong van God, daarom kan hulle nie in stryd met mekaar wees nie. Dit is eerder 'n kwessie van verskil in funksie. Die wet is bedoel om die mens sy ellende te laat besef en hom te laat verlang na die verlossing wat deur die belofte aangebied word. Dit is die verlossing deur middel van geloof in Jesus Christus.

In ons huidige teks (Gal 3:23-29) gaan Paulus verder in op hierdie funksie wat die wet het. Die groot verskil tussen wat hy reeds gesê het en wat hy nou gesê het, is

hierin geleë: In verse 15 tot 22 het Paulus iets van 'n geskiedenis les gegee deur die periode vanaf Abraham tot by Christus te dek met die wet wat tussen in gekom het. Hierdie geskiedenis les word nou toegepas in die lewe van die Christene. Paulus het gesê dat die wet bedoel was om die mens te wys hoe skuldig hy is en om die mens te laat besef dat hy 'n Verlosser nodig het. In verse 23 tot 29 praat Paulus nou weer van *ons*. Daar word van die derde persoon oorgeskakel na die eerste persoon om te wys hoe hierdie geskiedenis les van toepassing is op die Christene in Galasië en die Christene oor die hele wêreld.

Uit hierdie geskiedenis les en die toepassing daarvan word dit duidelik dat die belofte sowel as die wet noodsaaklik is. 'n Mens sal nie na verlossing verlang, as hy nie weet dat hy dit nodig het nie. Die wet wys juis dat die mens verlossing nodig het. Die tragedie is dat mense die wet en die belofte van mekaar skei en dan net een van die twee wil hê. Sommige wil by Jesus uitkom sonder om iets van Moses te wil weet. Vir hulle bestaan die Ou Testament nie. Hulle wil die belofte van verlossing en regverdiging in Christus hê sonder om eers die pyn van veroordeling en verdoemenis deur die wet deur te gaan. Ander gaan weer na Moses toe maar hulle steek by die wet vas. Hulle hoor die veroordeling deur die wet, maar bly self poog om die wet te gehoorsaam om op hierdie wyse regverdiging by God te kry, maar hulle kom nie by Christus uit.

In die toepassing van die geskiedenis les wys Paulus in verse 23 en 24 hoe die Christen was onder die wet. En in verse 25 en verder wat die Christen nou in Christus is.

## **Die Christen en die wet voor die geloof – verse 23 en 24**

### **6. Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word.**

Die *ons* waarna Paulus in hierdie vers verwys, is heel eerste die Joodse Christene. Voordat die geloof in Jesus Christus vir die Joodse Christene gegee is deur die Heilige Gees was hulle onder die wet in bewaring gehou. Die wet is immers ook bedoel om die sonde te beperk deur vir die sondaar te wys op die verskriklikheid van die sonde.

Alhoewel *ons* in hierdie sin eerste na die Joodse Christene verwys, verwys dit ook na alle Christene, dit wil sê, ook die Christene wat uit die heidense volke kom. God is tog die enigste God en Hy het alles geskep wat bestaan. Hy regeer ook oor alles wat bestaan. Dus geld sy wet vir alles en almal. Al beteken dit die heiden ken nie die wet soos wat die Jode dit ken nie, is dit nie te sê dat die heiden onskuldig aan die wet is nie. Indien hy die wet oortree wat hy moontlik nie ken nie, is hy steeds 'n oortreder en is dus skuldig voor God. As skepsel is die heiden immers in 'n verhouding met God van Skepper teenoor skepsel. Dus wat God beveel, geld dan ook vir die heiden.

**Buitendien: Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat in ongeregtheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister (Romeine 1:18-21 AFR53).**

**En ook: Want almal wat sonder wet gesondig het, sal ook sonder wet verlore gaan; en almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word; omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word. Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig, in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel, volgens my evangelie (Romeine 2:12-16 AFR53).**

Ons was dus onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word. Elke Christen, uit watter volk hy ook al mag kom, word by die punt gebring waar hy besef dat hy 'n Verlosser nodig het, want die wet oortuig

hom dat hy voor God 'n skuldige sondaar is.

Paulus gebruik twee werkwoorde om te sê wat die wet vroeër met ons gedoen het. Ons is onder die wet *in bewaring gehou* en *ingesluit*. Die eerste werkwoord het 'n militêre konnotasie en word gewoonlik gebruik wanneer 'n stad veilig bewaar word om die vyand uit te hou of om die inwoners binne te hou wanneer die stad beleër word. Die wet het hierdie werk om die mens in sy sondige aard in te perk, sodat hy nie nog erger aangaan as wat hy reeds gedoen het nie. Maar die wet het die mens ook ingesluit soos in 'n tronk omdat hy 'n skuldige is wat op sy vonnis wag. Die vonnis is natuurlik die dood, want dit is die loon vir die sonde.

Dood en oordeel is immers nie die laaste woord wat God spreek nie. Daarom, alhoewel die wet gegee is met die bedoeling dat die sondaar kan weet dat hy skuldig is en die dood verdien, gebruik die Here juis hierdie oortuiging wat die wet bring by die mens om vir hom die heerlikheid te wys. Die wet het ons ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word.

Elke Christen is dus onder wet ingesluit totdat God die genade aan hom openbaar, totdat die Heilige Gees aan daardie mens die geloof in Jesus Christus gee omdat Hy hom van sy skuld en sonde oortuig het met die wet.

### **7. Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.**

Die wet het nie alleenlik as 'n tronk opgetree sodat die mens uiteindelik deur die Gees die geloof in Christus kan ontvang nie. Paulus gebruik 'n tweede beeld om die funksie van die wet aan te dui. Die Griekse woord wat ons met *tugmeester* vertaal, is *paidagogos*.

'n *Paidagogos* was 'n slaaf in diens van 'n welgestelde gesin. Sy opdrag was om die seuns van die huishouding te dissiplineer. Hy moes sorg dat die seun by die skool kom en sy onderrig ontvang. Hy moes die seun weer terug begelei huis toe en toesien dat hy sy werk doen. Afbeeldings van 'n *paidagogos* in antieke kunswerke is gewoonlik 'n man met 'n rottang. So 'n *paidagogos* was baie streng teenoor die seun en sy strengheid het soms gegrens aan wreedheid. 'n *Paidagogos* het die seun dan

gehoorsaamheid en selfdisipline geleer.

In 1 Korintiërs 4 gebruik Paulus ook hierdie begrip *paidagogos* en in vers 21 hoor ons van die slaanding waarmee die *paidagogos* gehandel het. Die funksie van die wet is dus om die mens te dissiplineer en te dryf na Christus toe. Christus is immers die Leermeester. Dit is by Hom waar die mens vryheid en genade vind, nie by die wet nie. Die wet is nie gegee om die mens te verlos nie, maar om die mens uit te bring by die Verlosser.

By Christus kry die mens immers regverdiging deur die geloof. Jesus leer ons dit immers in die Bergrede:

**Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooië breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorfloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie (Matteus 5:17-20 AFR53).**

Christus het die wet volmaak vervul. Hy was honderd persent gehoorsaam daaraan en het stiptelik alles gedoen wat in die wet geskryf staan. Wanneer Jesus dan sê dat ons geregtigheid oorfloediger as dié van die Fariseërs moet wees, dwing Hy ons nie terug na die wet toe om dit ook honderd persent te gehoorsaam nie. Hy trek ons na Hom toe. Christus is ons geregtigheid (1 Kor 1:30). En die mens het deur middel van die geloof deel aan die volmaakte geregtigheid van Christus wat oorfloediger is as die van die Fariseërs.

Die wyse waarop Paulus hier die funksie van die wet uitdruk, wys nogeens daarop dat die wet 'n tydelike funksie gehad het. Die wet se funksie was voordat geloof gekom het. Die wet het die mens ingesluit of opgesluit totdat Christus geopenbaar is as die Verlosser. Die wet het as tugmeester die mens na Christus gedryf.

## Die Christen en die wet na die geloof – verse 25 tot 29

### 1. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.

Paulus maak hier 'n baie duidelike teenstelling wat ons sien in die woorde van vers 23 en 25. In vers 23 het hy begin met **Maar voordat die geloof gekom het** en in vers 25 begin hy met **Maar nou dat die geloof gekom het**. Geloof en dan geloof in Jesus Christus in besonder het 'n verandering gebring tussen die Christen en die wet.

Voordat die geloof gekom het, het die wet die funksie van 'n tugmeester gehad. As tugmeester het die wet die mens in bewaring gehou en ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word. Maar nou dat die geloof gekom het, het die wet nie meer die funksie van tugmeester oor die gelowige nie. Die Christen doen dus nie weg met die wet nie. Die geloof in Jesus Christus verander die funksie van die wet (vgl. Rom 6:15-7:6).

Die valse leraars, aan die ander kant, wou nie sien dat die funksie van die wet verander het na die koms van Christus nie. Hulle het die wet nog as tugmeester vir hulleself behou. Daarom het hulle nog vasgehou aan die seremoniële wette wat maar skaduwees was van Christus wat sou kom. Hulle wou steeds iets bydra tot hulle verlossing met die wetvoorskrifte. Paulus wys egter daarop dat die koms van Christus die wet se funksie vir die Christen verander het. Indien die wet as tugmeester die mens op sy knieë by Christus uitgebring het, het die wet sy rol vervul. Die lewenstyl wat die Here in die Tien Gebooie aan die mens leer, het egter nie verander nie, maar dit kan 'n mens nie verlos nie. Alleen deur die geloof in Christus kry 'n mens deel aan die verlossing.

Die laaste vier verse van Galasiërs 3 is vol van Jesus Christus. Vers 26: *in Christus* is julle almal kinders van God; vers 27: julle is *met Christus beklee*; vers 28: julle is almal *een in Christus Jesus*; vers 29: julle is erfgename van die belofte omdat julle *aan Christus behoort*. Paulus wys dus op 'n drievoudige resultaat wanneer 'n mens deur die geloof in Christus geregverdig is.



### ***1.1 In Christus is Christene kinders van God – vers 26 en 27***

**Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.**

Die valse leraars sou deur hierdie stelling van Paulus teen die bors gestuit wees. Vir die Galasiërs sou hierdie stelling die grootste vreugde en blydskap verskaf.

Die valse leraars – en hulle is almal Joodse Christene – het die idee gehad dat jou verhouding met God gemeet word aan jou gehoorsaamheid aan sy wet. Hoe meer jy die wet onderhou hoe nader en meer intiem is jou verhouding met God. Volgens hulle is dit net die mense wat nougeset die wet gehoorsaam, soos wat die skrifgeleerdes en die Fariseërs dit doen, wat uiteindelik as kinders van God bekend kan wees. Paulus maak dit egter duidelik dat mense kinders van God word op 'n heel ander manier – in Christus Jesus deur middel van die geloof. Jesus Christus is die eniggebore Seun van God. Hy alleen is van nature God se kind. Vir ons mense om kinders van God te wees, moet ons dus in Christus wees – met Hom verenig wees. En die enigste manier hoe ons met Christus verenig kan wees, is deur middel van die geloof.

Om kinders van God te wees, is werklik indrukwekkend. Dit beteken dat 'n mens 'n spesiale verhouding met God het as die liefdevolle en versorgende Vader. Dit beteken verder om op 'n plek te wees van nabyheid, toegeneëntheid en spesiale sorg en aandag.

En die wyse waarop mense kinders van God word, is net so indrukwekkend. Dit gebeur deurdat 'n mens deur middel van die geloof in Christus verenig is. Om in Christus te wees beteken meer as om net te glo dat Christus bestaan en sekere dinge gedoen het. Dit beteken dat jy al jou vertrouwe net in Christus stel nou en tot in ewigheid.

In verband met God se Vaderskap moet die volgende tog opgemerk word. Nêrens in die Skrif word daar geleer dat God die universele Vader van alle mense is nie. God is inderdaad die Skepper van alles en almal. Hy is ook die Koning wat oor alles en almal regeer en sy algemene genade oor alles en almal gebied. God het – om dit plat te sê – 'n saak met elke mens op aarde, omdat Hy Skepper en Koning is.

Maar God is net Vader van Jesus Christus en die mense wat deur middel van die geloof in Christus Jesus is.

Deur die geloof in Jesus Christus is mense kinders van God. Die uitwendige doop teken hierdie eenheid met Christus sigbaar. Dit is nie die uitwendige doop as sulks wat 'n mens met Christus verenig nie. Net die blote besprinkeling of indompeling in die water maak nie 'n mens 'n kind van God nie. Indien dit die geval sou wees dan word die doop op dieselfde wyse gesien as wat die valse leraars die besnydenis gesien het. Slegs deur die geloof in Jesus Christus word mense kinders van God en die doop is die uiterlike en sigbare teken en seël van hierdie werk wat die Heilige Gees doen.

Let op hoe Paulus dit stel: **want julle almal wat in Christus gedoop is.** 'n Mens moet in Christus gedoop wees. Om die waarheid te sê 'n mens moet in Christus ingedompel wees. Jy kan 'n duisend keer in water gedompel wees, maar as jy nie in Christus ingedompel is deur middel van die geloof nie, kan jy nie 'n kind van God wees nie.

'n Ander manier om te sê dat 'n mens in Christus gedoop is, is om te sê dat jy met Christus bekleed is. 'n Mens trek klere aan wat pas by die geleentheid waarheen jy gaan. Ons daaglikse klere is Christus. Mense moet aan jou uiterlike optrede kan sien by wie jy hoort.

Om met Christus bekleed te wees beteken dat 'n mens jou met Christus identifiseer, en nie net met Hom assosieer nie. Met assosiering is jy nog nie in Christus nie, maar net saam met Christus. Identifisering sê dat Christus se lewe jou lewe word. As Hy die Seun van God is, is jy ook. As Hy regverdig staan voor God, staan jy ook regverdig voor God. As Hy vrye toegang tot die troon van God het, het jy dit ook. As Hy oorwinning oor die duistere, bose magte behaal, behaal jy dit ook. Daarom assosieer ons nie net met Christus nie, maar is ons in Hom – bekleed met Christus.

### ***1.2 In Christus is Christene almal aan – vers 28***

**Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.**

Wanneer Christene in Christus is, behoort hulle nie net aan God as sy kinders nie, maar behoort hulle ook aan mekaar as broers en susters in Christus Jesus. En wanneer ons in Christus aan mekaar behoort, geld die dinge wat ons normaalweg as skeidings tussen ons hou nie meer nie. Die afskeiding tussen ras, stand en geslag is in Christus mee weggedoen.

Vir die gemeentes in Galasië was hierdie revolusionêre woorde, want sommige wou steeds die skeidslyn tussen Jood en Griek handhaaf. Dit is wat die valse leraars immers gedoen het en hulle het sommige van die lidmate in hierdie gemeentes tot hulle siening oorgehaal, daarom het sommige al sover gegaan om hulle te laat besny (Gal 5:2-3).

Onder die rabbi's van daardie tyd is daar elke oggend 'n gebed herhaal met die volgende strekking: God word gedank deur die Joodse man dat hy nie 'n heiden, 'n slaaf of 'n vrou is nie. Paulus neem elkeen van hierdie kategorieë om te wys dat daar in Christus nie meer 'n skeidslyn tussen hulle bestaan nie. Inderwaarheid kan ons al die ander vermeende skeidslyne in ons samelewing hierby betrek.

Daar is geen onderskeid tussen ras in Christus nie. God het Abraham en sy nageslag geroep (die Jode) om aan hulle sy openbaring toe te vertrou. Maar toe Christus gekom het, is God se belofte aan Abraham vervul: **En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word** (Genesis 22:18 AFR53). Al die nasies van die aarde sluit alle mense in ongeag hulle ras, velkleur of taal. Alle mense het ewe veel die verlossing nodig, alle mense is gelyk wanneer dit kom by hulle onvermoë om die verlossing te verdien of self te bewerk, en alle mense is gelyk wanneer God hulle roep tot bekering en geloof in Jesus Christus. Wanneer mense van watter volk of taal ook al die geloof in Jesus Christus ontvang, word hulle gelykheid omvorm tot gemeenskap – die geloofsgemeenskap wat Christus alleen kan skep.

Daar is geen onderskeid in status in Christus nie. In elke samelewing dwarsdeur die wêreld het daar sosiale skeidslyne ontstaan. Mense se afkoms, hulle welvaart, hulle onderrig het veroorsaak dat daar skeidslyne gekom het. In Christus word alle

snobisme verbied en alle sosiale skeidslyne is uitgevee. Jakobus illustreer dit prakties in Jakobus 2:1-13.

Daar is geen onderskeid tussen geslag in Christus nie. In die destydse samelewing is vroue glad nie geag nie – selfs nie in die Joodse samelewing nie. Trouens, vroue en slawe en skaapwagters kon nie as getuies optree in 'n hofsaak nie omdat hulle as onbetroubaar gereken is. Onder die Grieke was vroue net so min geag. In Christus is daar egter geen onderskeid nie. Niemand is in 'n beter of slegter posisie voor God op grond van sy of haar geslag nie. Mans is net so sondig soos vrouens. Nie een van die geslagte kan self hulle verlossing uitwerk nie en God roep albei geslagte met ewe veel erns tot bekering en geloof in Jesus Christus.

Die wegneem van hierdie onderskeidings in Christus beteken nie dat hulle glad nie bestaan nie. Christene is nie kleurblind nie. Sosiale agtergronde word nie geïgnoreer nie. Mans word nie soos vrouens behandel of vrouens soos mans nie. Die onderskeidings bestaan, maar hulle is nie meer hindernisse om gemeenskap met mekaar in Christus te hê nie. Paulus het steeds die onderskeidings erken, want hy het in sy verkondiging van die evangelie aangepas by die Jode en by die Grieke. Die verskil in rolle tussen man en vrou, slaaf en vryman bestaan nog, maar hierdie verskille is nie 'n hindernis om saam die Here te dien nie.

In Galasië sou daar Christene wees wat van die oortuiging was dat Paulus sommige Christene moes uitsluit omdat hulle van 'n heidense agtergrond is en hulle nie aan die wette van Moses onderwerp het nie. Paulus sê egter dat hulle almal een in Christus is. Ander sou weer wou hê Paulus moes die Joodse Christene uitsluit omdat hulle teologie op hierdie punt verkeerd is en hulle moet eers tot die regte insigte kom. Vir hulle sê Paulus ook dat hulle een in Christus is.

David Guzik haal Morris aan op hierdie punt:

Many of God's children lack a deep understanding of the Christian way, but that does not mean that they are not genuine Christians. Being a Christian is being a believer, not having an intellectual answer to all the problems we meet as we live out our Christian lives.

### **1.3 In Christus is Christene erfgename van die belofte – vers 29**

**En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.**

Ons het nou al twee van die drievoudige resultaat gesien wanneer 'n mens deur die geloof in Christus geregverdig is. Om deur die geloof in Christus te wees, beteken dat 'n mens 'n kind van God is. Om deur die geloof in Christus te wees, beteken ook dat 'n mens in 'n gemeenskap van verlostes behoort – 'n gemeenskap wat jou broers en susters is. Om deur die geloof in Christus te wees, beteken in die derde plek dat 'n mens nageslag van Abraham is en volgens die belofte ook 'n erfgenaam.

Diegene wat in Christus is, kry dus ook 'n plek onder die geloofshelde van die geskiedenis waarvan daar in Hebreërs 11 'n lys verskyn. Geen gelowige hoef dus meer te voel soos 'n brander op die see wat heen en weer geslinger word nie. Elke ware gelowige kry dus sy plek in die doel van God wat al meer en meer ontvou. Deur die geloof in Jesus Christus word 'n mens dus die geestelike nageslag van Abraham en daarom ook 'n erfgenaam kragtens die belofte wat God aan hom gemaak het: **En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word** (Genesis 22:18 AFR53).

Die mense wat dus deur die geloof in Christus regverdiging van God ontvang het, het hulle plek in die ewigheid gekry – hulle is kinders van God – in die samelewing gekry – hulle is verbonde aan al die ander gelowiges wat hulle broers en susters is – en in die geskiedenis – hulle is in die gemeenskap van die mense wat deur die eeue aan God behoort het. Dit is dus 'n drie dimensionele verbintenis wanneer 'n mens in Christus is. Dit is 'n verbintenis in hoogte, want deur die versoening wat Christus bewerk het, is 'n mens aan God verbind. Dit is verbintenis in breedte, want in Christus is 'n mens verenig met al die gelowiges oor die wêreld heen. Dit is 'n verbintenis in lengte, want in Christus is 'n mens verbind aan die lang, lang ry van gelowiges dwarsdeur al die eeue. In Christus vind elke gelowige mens dan sy ware identiteit.

In hierdie gedeelte het Paulus die duidelike kontras geteken van *om onder die wet te wees* teenoor *om in Christus te wees*. Al die mense op die aarde behoort tot een van hierdie twee kategorieë. Wie onder die wet is, het 'n godsdiens van knelling. In

so 'n godsdiens is daar nie kennis van vergifnis nie, want sulke mense is nog onder toesig, soos gevangenes in 'n tronk en minderjarige kinders onder 'n tugmeester. Dit is hartseer om in die tronk en in die bewaarskool te wees terwyl jy vry en volwasse kan wees. In Christus word 'n mens egter vrygemaak. Die godsdiens in Christus word gekenmerk deur belofte en nie die wet nie. Dan ken jy jouself in 'n verhouding met God en met al God se kinders oor die wêreld en deur die eeue heen.